

# Weerstand teen huisvesting van swart studente deur die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1987 tot 1990

N.S. (Fanie) Jansen van Rensburg

---

N.S. (Fanie) Jansen van Rensburg,  
Fokusarea vir Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

---

## *Opsomming*

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (hierna PU, of die universiteit) het in 1984 swart studente tot na-uurse studie toegelaat en in 1988 was daar 'n vraag of sommige van hierdie studente se prestasies, wat nie na verwagting was nie, daarmee verband gehou het dat hulle nie in die koshuise op die kampus kon woon nie. Toe swart studente later ook voltyds by hierdie instelling kon studeer, was daar aansienlike druk van binne en buite die universiteit, van individue en instansies (soos Jeugkrag-Potchefstroom en die Senaat), wat wou sien dat daar oopstelling van koshuise vir swart studente kom. Die algemene kritiek van hierdie voorstanders vir oopstelling was gemik teen die diskriminerende aard en uitgediendheid van die segregasiepraktyke op die kampus, veral as in ag geneem word dat die instelling 'n uitgesproke Christelike karakter gehad het. Die Raad het egter in sy proses van besluitneming vae argumente aangevoer in sy weiering van oopstelling. Die Bestuur van die universiteit het die Raad pligsgetrou bygestaan deur met vaaghede, ontkenninge en verplasinge van betekenis die aksie van die voorkoming van die oopstelling aan die gang te hou. Die Raad het nie net geweier om bestaande koshuise oop te stel nie, maar het ook later met teësin alternatiewe planne beraam. Daarom het die universiteit baie laat in die geskiedenis van die oopstelling van koshuise op Suid-Afrikaanse kampusse bloot vermeld dat koshuise wel vir alle “bevolkingsgroepe” oop is, terwyl hulle toe weer eens verwys het na wat die “karakter” van die universiteit is, net soos by sy vroeëre weiering tot oopstelling.

**Trefwoorde:** apartheid; huisvesting; Jeugkrag-Suid-Afrika; koshuise; oopstelling; PU vir CHO; segregasie; studente; universiteit

**Abstract****Resistance against accommodation for black students by the Potchefstroom University for CHE, 1987 to 1990**

In the late 1980s the South African government had clearly lost much of its legitimacy and its actions became more pragmatic. Part of this change in society was that the practice of segregation in certain spheres was clearly being phased out, e.g. the exclusion of black students from the student residences of the so-called white universities. This article is a description and analysis of change in this regard in an important phase of South African history. The Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE) (henceforth: the university) was the last higher education institution to open up its residences for black students. Its belated action was mainly because of its conception of Afrikaner nationalist interests and the Christian character of this institution.

The main emphasis in this article is to trace and analyse the process of resolutions taken by the authorities and their implementation or the lack thereof in the period from 1987 to 1990. Likewise, the actions of their critics on campus and the unfortunate experiences of the excluded black students will be followed, using information in archives, journals and newspapers and personal information obtained from a number of individuals who were involved in the events.

Several analysts of the period endeavoured to fathom the association between the academics of this institution and the broad Afrikaner ideology of Christian National Education and also the crucial crises of the 1960s, when criticism of apartheid ideology was levelled from within Afrikaner circles (Norval 1996; Giliomee 2003; Viljoen 1979; Hexham 1980). This ripple in the pool became a veritable storm in the late 1980s when, for instance, the student members of Jeugkrag-Suid-Afrika/Youth South Africa's branch on campus and the Senate insisted that the Council of the university was not acting in accordance with its own credo. It is notable that when even the ideological framework of Christian Nationalism was rapidly changing, the university had lost track of these developments as well as of the rapidly changing socio-political framework of South Africa, and persisted in maintaining the practice of having exclusively white residences.

More than one approach is possible to write about recent South African history, and in this case the history of universities, during the era of the crumbling of apartheid hegemony and the social forces for and against change playing a role, specifically on this campus. Seeing that a significant part of the information, in writing or of a verbal nature, was gathered from participants, the approach of Legassick (2016) and Tomaselli (2004) is significant. The former was both an actor (role player) and a historian, resulting in his production of a "history in action". I was also present at the "scene", at the university, and my daughter played a notable part in the events. This, of course, emphasises human agency and the concomitant necessity for historical work to comply with the directives of reasonableness and validity, and at the same time for an acceptable degree of subjectivity.

The university's process of providing black students with accommodation started in 1987 when a site was acquired in the "coloured" township of Promosa for erecting a residential unit for "coloured" male students as well as temporary accommodation for eight black female students in the university's De Klerk-gastehuis (De Klerk guest house) on campus. Council

also had discussions regarding “renewal” of the nature of university accommodation and the “choices” that had to be given to all students, without in any way indicating that all this should have concrete relevance for black students and should serve their needs. At this stage it was already possible for the university to apply to the government for permits in order to legally accommodate black students both on campus and in the proclaimed white township, opportunities they did not use in any way.

From September 1989 Senate requested Council to make all university residences racially inclusive. Council, however, decided to keep their conservative constituency satisfied by denying the requests, thereby only intensifying the insistence on the opening up of the residences. When the heat of opposing interest groups was building up, also in the town of Potchefstroom, many of the academic staff mobilised themselves into a vocal pressure group. They criticised government policies and Council, as well as the town council (ruled by the Conservative Party), on related issues such as the law on separate public amenities. However, the most active pressure group on campus was the local branch of Youth South Africa, an organisation that expressly took sides against old-fashioned apartheid measures affecting black students. The racially mixed organisation took up the cause of the black students in Promosa, those of the black students in the Gastehuis, and all others who were excluded from university accommodation. This occurred while all other previously white universities, and especially the liberal English universities, had made good progress in ending exclusive white privilege in this regard.

The members of Youth South Africa at the university were concerned that the true position of black students was not known on campus and distributed a leaflet *Dit Raak Jou! (It concerns you!)* to rectify this, resulting in encouragement, but also severe criticism. A senior official took it on himself to level stark reproofs against their actions and motives. In this leaflet and in their newsletter the insecurity, discomfort, discomposure and even the abuse of black students were graphically and personally portrayed. Several officials on campus berated the black students because they were supposedly not grateful, that they had fabricated some of their discomfort, while some incidents they complained about were later repudiated. During their stay in the Gastehuis, all eight female students were at one stage relocated from their double rooms to one large apartment because of overbooking, and in another case they abruptly received a letter, on short notice, that they now had to move to Promosa, the university’s student residence for “coloureds” in the township. These incidents were later denied by officials.

This duplicity started after some university officials had earlier given the impression at secondary schools that the university was “open” to all students. Black students then discovered, to their dismay, that this did not include residences. They also learnt that none of them, not even the eight women accommodated in the Gastehuis, could use the dining halls on campus; in the latter case this meant that they had to cook in their rooms or use the cafeteria or other private facilities off campus. Except for the residents of the Gastehuis, black students had major transport problems because the black townships were about eight kilometres from campus, and there the political turmoil of the time was not favourable for their studies. Some white students also acted in an abusive manner towards black students and made the black students feel like social lepers.

Black students who were interviewed for the *Dit Raak Jou!* leaflet expressly stated that the general discomfort was a limited aspect of their problems and that they suffered more

because of emotional stress and the disregard for them as students and as human beings. All these experiences also resulted in some of them developing extreme political views. Apart from the support they received from some (white) academic staff, a number of white students cared for them and became their close friends, even assisting them in attaining a more sensible view of those who were aggravating their distress.

In the last phase of this period, Council did not take a clear and concrete decision on the issue at hand, viz. the opening up of existing residences, but planned for what they called “multi-purpose accommodation”, and they even misled Senate and probably satisfied their white conservative, mostly Christian, supporters. The local branch of Youth South Africa, however, understood this for the diversion that it was, and this insight may have applied to some other critics – on campus, in South African society and even abroad. Council’s and management’s most vocal critic, Youth South Africa on campus, constantly reminded Council of its erroneous ways and also, in a way, spoke on behalf of all South Africans who were struggling on the margins of society. By postponing really constructive decisions for yet another year, and also in their own peculiar way creating alternative accommodation for black students, they consistently used the motivation that this was motivated by the “character” of the university, being Christian and Afrikaner National. By this, in every instance, they chose for the status quo and not for clear, principled action, and extended the predicament of social isolation of their black students.

**Keywords:** access; accommodation; apartheid; PU for CHE; residences; segregation; students; universities; Youth South Africa

## 1. Inleiding

In die laat 1980’s was die ineenstorting van die apartheidsbestel goed sigbaar en die regering het ook ’n legitimeitskrisis ervaar (Giliomee 2003:611–24). By sogenaamde blanke universiteite en kolleges in Suid-Afrika was dit baie duidelik dat die eindklok alreeds begin lui het vir segregasie op hierdie kampusse. Laasgenoemde het veral betrekking gehad op die aparte universiteite en kolleges wat vir swart studente geskep is, maar ook op die behoud van koshuise vir slegs wittes. Die aansienlike afskaffing van segregasie by Suid-Afrikaanse universiteite was wel ’n betekenisvolle, maar in 2016, besef ons terdeë, ’n uiters beperkte fase in die transformasie van alle instansies vir hoër onderwys.

’n Besonder duidelike voorbeeld van die vasklou aan die leefstyl van segregasie in wit universiteitskoshuise kan gevind word by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (hierna PU, of die universiteit), wat die laaste universiteit in Suid-Afrika was wat sy koshuise vir swart studente oopgestel het.<sup>1</sup> Die weiering om segregasie te beëindig is vanuit ’n tweeledige regverdiging gedoen, wat meestal nie duidelik uitgespel is nie, naamlik die idee van Afrikanernasionale belang en ook die Christelike aard van hierdie instelling. Alhoewel hierdie idees wel in besluitneming gefigureer het, is ander beweerde pragmatiese motiverings ook deur die universiteit aangevoer vir waarom koshuise nie oopgestel sou word nie.

In hierdie artikel word so ver moontlik gekonsentreer op die gang van gebeure en die besluitneming op die kampus en nie op die onderliggende of uitgesproke motiverings vir

veral die besluite van die Raad nie. Ek verwys slegs soms in hooftrekke na die motiverings vir optrede, omdat 'n noukeurige ontleding hiervan op sigself 'n omvattende ondersoek sou kon behels. Dieselfde benadering word ook gevolg in die ontleding van die optrede van die teenstanders van segregasie en die ongelukkige ervarings van die lydende party by die universiteit, naamlik die swart studente. Hierdie artikel is geskryf na aanleiding van inligting in die universiteit se argivale versamelings, onderhoude, nuusberigte, tydskrifrubrieke en die persoonlike mededelings van enkele persone wat destyds die gebeure meegemaak het.<sup>2</sup>

Norval (1996:67–76) ken besondere belang aan die denkers van die universiteit toe. Sy meen die idees van soewereiniteit in eie kring, Christelik-Nasionaal en ook van verskeidenheid in eenheid het as deel van die morele onderbou van apartheid 'n sterk stimulus ontvang vanuit veral die Potchefstroomer, H.G. Stoker (1941), se werk. Hexham (1980) wys weer op die verband tussen apartheidsdenke en godsdienstige afsonderingsdenke in Nederland asook in die vroeëre Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Ander skrywers is meer skepties, soos Giliomee (2003:461–2), wat meen dat die invloed vanuit hierdie oorde meer beperk was, en alhoewel Schutte (1987:398–402) toegee dat die denkers wat hier onder genoem word, na 1902 'n belangrike rol gespeel het, meen hy dat dit baie oordrewe is om te beweer dat hulle die grootste bydrae tot Afrikanerideologie en -beleid gelewer het.<sup>3</sup> In die geskiedenis van die begrip *Christelik-Nasionaal* in Suid-Afrika het die nasionalistiese been meer kere die Christelike been lamgelê of gepootjie, soos in die krisis rondom die Cottesloe-besluite en Beyers Naudé se demonisering deur die Broederbond, Verwoerd-aanhangers en selfs die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Giliomee 2003:527–31).<sup>4</sup> Al was die universiteit se bestuurslede in hulle besluitneming in sekere opsigte, en by tye, gemotiveer deur Christelike oorwegings, dui hulle optrede in die gebeure wat beskryf word, duidelik op die afwerende uitoefening van strukturele mag, waar sekere tipes gedrag vir die kritici van segregasie moontlik was, terwyl ander gedrag minder moontlik of onmoontlik was (Wolf 1990:587). In die slotsom word aangedui hoe, deur gebruikmaking van strukturele mag, verskillende rolspelers, soos die Senaat en Jeugkrag-Potchefstroom, aan bande gelê is. Jeugkrag-Suid-Afrika/Youth South Africa) (voortaan Jeugkrag-SA) het 'n tak op die kampus gehad. Die landwye beweging het voorgegee dat dit teen apartheid gekant was. Soos aangedui sal word, was daar later 'n breuk tussen die nasionale beweging en Jeugkrag-Potchefstroom. Marthinus van Schalkwyk van Militêre Intelligensie was die voorsitter van die nasionale beweging.<sup>5</sup>

Dit beteken nie dat in die besluitneming van die universiteitsbestuur, met aansienlike mag, en in die uitoefen van keuses tussen 'n nasionalistiese en rassistiese motivering of dan 'n motivering vanuit Christelike norme, eersgenoemde altyd die deurslag gegee het nie. Dit is wel waar dat die teenstanders van koshuissegregasie in hierdie tyd dikwels daarop gewys het dat die universiteit in hierdie saak nie volgens sy eie Christelike kredo opgetree het nie. Die argument is eerder dat die universiteit, selfs binne die denkraamwerk van die Christelik-Nasionale, tred verloor het met die ingrypende ideologiese herskikking in die land. So byvoorbeeld het 'n leidende figuur soos Gerrit Viljoen<sup>6</sup> nog in 1970 duidelik aangedui dat “die Afrikaner” deur God geroepe is om kerstening en beskawing in Suid-Afrika te bewerkstellig (in 'n voordrag waarin hy meermale na Stoker verwys). Kort daarna (in 1975) het hy gepleit dat studente van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit moes beseef dat soos daar met “afsonderlike ontwikkeling” gevorder word, “onnodige diskriminerende maatreëls” uitgeskakel sou moes word (Viljoen 1979:23–31; 83–94), terwyl die universiteit so laat soos 1990 nog steeds nie by hierdie punt uitgekom het nie. Hierdie onbeweeglikheid ten opsigte van die universiteit se verbondenheid aan die idee van Christelik-Nasionaal het bestaan ten spyte van grondige kritiek van binne, wat alreeds vanaf 1976 geopper is (Van der



Walt 1983). Juis hierdie verbondenheid het die universiteit laat kies vir 'n veralgemeende, maar verouderde Suid-Afrikaanse ideologie wat daarin geleë was dat: “Segregation could thus be presented as a just policy that could preserve white supremacy whilst at the same time facilitating the development of the Africans along their own lines” (Norval 1996:28).

Die talle rolspelers vir en teen oopstelling se optrede word omvattend bespreek om sodoende 'n beeld van die sosiopolitieke raamwerk in die land te skets. Die artikel het verskillende onderdele. Eerstens word gekyk na die beeldbou-optrede (in 1987 en 1988) van die Raad, wat soms tot moeilik verstaanbare optrede van beide die Raad en die Bestuur gelei het. Daarna word die rol van die verskillende strydende partye geskets, en dit word gevolg deur 'n beskrywing van hoe Jeugkrag-Potchefstroom se optrede die fokuspunt vir 'n openbare debat geskep het. Daarna kom die swart studente aan die beurt. Dit kan maklik gebeur dat die breë beskrywing van gebeure die opvallende “hooimied” word. Ons moet egter beseft waar die “naald” van die gebeure te vinde is, naamlik die swart studente wat geheel uitgesluit was van die universiteit se koshuise. Dit gaan spesifiek oor die ervarings van twee klein groepe swart studente wat klaarblyklik wel toegelaat was tot inwoning in universiteitsbehuising. Vervolgens word die Raad se uiteindelijke optrede in 1990 nagegaan, as 'n belangrike sleutel tot die begryp van sy laaste erge misstap, toe die bestaande koshuise nie oopgestel is nie, maar daar wel voorgegee is dat dit gedoen is. Voordat hierdie artikel tot 'n slotsom gebring kan word, kyk ek laastens na die herinneringe van 'n senior uitvoerende beampte, soos in 2015 weergegee.

By die skryf van die geskiedenis van die onlangse verlede van instellings soos universiteite ontstaan die vraag hoe 'n mens dit vandag sou kan ontleed en miskien verstaan. Algemeen gestel kan die vraag wees hoe die oopstelling van universiteitskoshuise as deel van die geheel van sosiale verandering in Suid-Afrika verloop het. Die verdere, meer spesifieke, vraag kan wees welke sosiale kragte op hierdie een kampus 'n rol gespeel het en wat die aard van die wisselwerking tussen die rolspelers was. Die PU het 'n besondere geskiedenis gehad, met 'n eie verbondenheid aan godsdiens en “volk”, en is, ten regte of ten onregte, as besonder konserwatief beskou. In sy verbondenheid aan sy eie geskiedenis het die owerheid van die universiteit sekere keuses gemaak, terwyl ander lede van hierdie instelling die keuses skerp gekritiseer het omdat hulle vertrekpunte heel anders was. Hoe hierdie gebeure ontvou het, kan leersaam wees met betrekking tot 'n belangrike fase in die land se geskiedenis.

Die eietydse beleving deur die akteurs skep ook 'n dimensie wat belangrik is vir hierdie ondersoek. Die beskrywings wat ek verkry het, is onder andere verskaf deur individue wat teenwoordig was en deelgeneem het aan die gebeure, wat ons herinner aan die werk van Legassick (2016:113). Hierin vind ons hom in talle rolle, waarin hy self(s) die geskiedenis van hierdie streek betekenisvol beïnvloed het en die gebeure dan as geskiedenis boekstaaf. Hierdie rolle wat hy gespeel het, beweeg tussen verskillende vlakke, aan die een kant as 'n “speurder” en deskundige getuie in die hof, en aan die ander kant as 'n skrywer en interpreteerder van die geskiedenis, optrede wat deur hom beskryf word as “history in action”. Ek hoop dan ook dat hierdie werk van my beskou kan word as toegepaste geskiedenis, want dit soek na: “transformation in the present on the basis of evidence from the past (Legassick 2016:xix).

In aansluiting hierby dui Tomaselli (2004:212–4; 216) ook omvattend aan hoe in kultuurstudie emosies van bloot persoonlike en private aard dikwels tot die terrein van die sosiale verhef kan word en dat die geldigheid, betroubaarheid en redelikheid daarvan

sodoende gerespekteer kan word. Die voordeel van hierdie metodiek is ook daarin geleë dat menslike wilsoptrede (*agency*) nie meer geïgnoreer kan word nie en selfs dat die erkenning van die subjektiwiteit van die skrywer uiteindelik kan meebring dat die betekenis en oorsig van die navorsingsgenote (studiesubjekte) as deel van die proses beklemtoon word. Sou hierdie artikel se aanslag dalk kon bydra tot institusionele erkenning deur hierdie kampus van die Noordwes-Universiteit van sy eie geskiedenis? My eie betrokkenheid in die gebeure wat nagevors is, word hier onder gestel en verduidelik.<sup>7</sup>

Ek moet verduidelik wat my posisie tydens die gebeure was wat hier uiteengesit word. Ek was een van die personelede op die kampus wat uitgesproke gekant was teen die diskriminerende optrede van die universiteit teenoor swart studente, alhoewel ek nie betrokke was by die georganiseerde aktivisme in hierdie besondere saak nie. My verdere en besonder betekenisvolle posisie is dat Lize Jansen van Rensburg my dogter is. Sy was 'n bestuurslid van Jeugkrag-Potchefstroom, die studente se protesgroep wat vir oopstelling geagiteer het, en sy was besonder goed bevriend met die swart vrouestudente wat in De Klerk-gastehuis (voortaan die Gastehuis) gebly het. Ek was goed bewus van my dogter se aktiwiteite en het aan haar morele ondersteuning gegee. Ek het ook met haar swart studentevriende bevriend geraak. Dit is noodwendig dat die bogenoemde verhoudings en ervarings my eie mening oor die gebeure moes vorm. Dit beteken egter nie dat ek die belang van my dogter se bydrae tot die gebeure kan verminder of vermeerder nie, maar wel dat ek dit billik kan probeer hanteer binne die groter konteks. Ek kan dus slegs 'n ernstige poging aanwend om op 'n redelike wyse met die beskikbare inligting om te gaan. My betrokkenheid as 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat toe nog dikwels 'n toonaangewende rol by die universiteit gespeel het, is 'n faktor wat my billike beoordeling van sake onvermydelik moes beïnvloed, juis omdat ek gemeen het dat die universiteit in terme van sy eie beginsels gefouteer het.

## 2. Raad: Oopstelling “onafwendbaar”, maar “evolusionêr” in 1987–88<sup>8</sup>

'n Uitgerekte en omvattende proses met betrekking tot algemene toegang vir swart studente het in Maart 1984 begin toe die Senaat van die PU besluit het dat “anderskleurige” (nauurse) voorgraadse studente by die universiteit toegelaat sou word.<sup>10</sup> Geen koshuisinwoning is vanaf 1985 vir hierdie swart studente beskikbaar gestel nie, maar dit is belangrik dat daar in Junie 1988 in die Senaat genoem is dat swart studente se verblyfprobleme verband sou kon hou met hulle akademiese prestasies wat nie na verwagting was nie.<sup>11</sup> Voor die einde van 1987 is 'n erf in Promosa ('n sogenaamde kleurlingwoonbuurt) aangekoop vir die oprigting van huisvesting vir 18 voltydse “kleurling”-studente, vir ingebruikneming vroeg in die volgende jaar. Hiermee het die universiteit se verskaffing van huisvesting aan swart studente begin, gebeure wat vanuit 'n verskeidenheid van veronderstellings en ervarings bekyk kan word.

In November 1987, op die vooraand van die bou van die Promosa-wooneenheid, omtrent ses kilometer van die kampus, het die Raad alreeds 'n eie mening gehad oor toekomstige verwickelinge met betrekking tot segregasie in koshuise.<sup>12</sup> Hy het gemeen dat huisvesting vir swart studente op die kampus eintlik “onafwendbaar” was. Hierdie onvermydelike gebeurtenis moes glo nogtans “evolusionêr” deur die universiteit hanteer word, sodat “weerstandsvlakke van sekere groepe nie so maklik oorskry word” nie. Hierdie siening van die onafwendbaarheid van die oopstelling hou daarmee verband dat die Raad geargumenteer het dat swart en wit studente hulle woonplek uiteindelik (?) moes kon *kies*, wat volgens die

Raad kon beteken dat swart studente 'n opsie moes hê van woonplek óf op die kampus óf in Promosa. Vir wit studente het dit beteken 'n keuse tussen 'n oop koshuis en 'n uitsluitlik wit koshuis. Hierdie siening kon nié handel oor die geleidelike oopstel van koshuise op die kampus nie, want selfs die besluit oor oprigting van die oop wooneenheid Oppirif is eers twee jaar later deur die Raad geneem. Dit is waarskynlik dat die bogenoemde argument slegs die doelbewuste skepping was van 'n indruk deur die Raad, waarin hy voorgehou het dat hy aan alle studente 'n sogenaamde keuse van woonplek sou wou gee. In die geval van swart studente was daar in werklikheid op hierdie stadium net één beskikbare verblyfplek beplan (wat deur die universiteit verskaf sou word), en dit sou in Promosa wees. Geen koshuise was vir hulle op die kampus oop, of sou oopgestel word nie. Net so kon inderwaarheid selfs 'n reeds bevoorregte wit student slegs in 'n uitsluitlik wit koshuis op die kampus woon, wat nog altyd die geval was. Hierdie hipotetiese wit student het nie op die stadium waarop die Raad hierdie argument aangevoer het, die keuse gehad om in 'n oop koshuis op die kampus te woon nie, want daar het nie sodanige oop behuising bestaan nie!

Afgesien van die bogenoemde spel met idees oor die keuses van studente word (ook in November 1987, in dieselfde besluit) deur die Raad geformuleer dat die universiteit losies “gedifferensieerd” (aan die buitewêreld) sou moes aanbied, wat beteken het dat vir sekere kategorieë (swart) studente slegs inwoning, maar nie etes nie, verskaf sou word, en dan moes hierdie tipe behuising buite die destyds-bestaande opset van die funksionering van huisvaders en huiskomitees wees. Dan sou die fokus (vir die buitewêreld) nie soseer op die (nie)huisvesting van swart studente val nie, maar eerder op die werklike “vernuwing” van die tipes losiesaanbieding van die universiteit.<sup>13</sup>

Duidelik het die Raad hier probeer om die aandag weg te lei van die dringende en maklik verstaanbare probleem wat éintlik vir swart studente ter sake was, naamlik huisvesting op die kampus soos dit op daardie stadium vir wit studente beskikbaar was. Terwyl die bou van die beoogde wooneenhede in Promosa sou voortgaan, sou die universiteit verder ook ander swart studente (in hierdie tyd is daar na hulle verwys as “Bantoe-studente”) wat in die Promosa-wooneenheid sou wou woon, graag wou help met aansoeke vir permitte by die staat (en dit vir bewoning van 'n “kleurling”-koshuis).<sup>14</sup> Indien die Promosa-behuising na verloop van tyd deur die universiteit geëvalueer was, sou oorweging gegee kon word aan die oprigting van wooneenhede in Ikageng (die swart / Bantoe-woonbuurt).<sup>15</sup>

Bogenoemde was die onsekere pogings tot beeldboustappe wat in 1987 en 1988 met betrekking tot huisvesting vir swart studente aangewend is, wat dan eers twee jaar later slegs tot die beplanning van oop koshuise (Oppirif) op die kampus sou lei. Die eerste kenmerkende en konkrete keuse van die universiteit was die oprigting van behuising in Promosa, gebaseer op sy eie uitgangspunt, en op sy gemaklike ondersteuning van landswette, naamlik dat studente wat deur die staat as “kleurlinge” geklassifiseer was, hulle eintlik in dieselfde woongebied as ander “kleurlinge” moes bevind.<sup>16</sup> Die latere tweede keuse van (waarskynlik) die Bestuur, wat op konkrete optrede uitgeloop het, was die huisvesting van agt vrouestudente (nie net “kleurlinge” nie, maar darem nog steeds “anderskleuriges”) in die Gastehuis van die universiteit, maar met duidelike beperkings op hulle toegang tot algemene geriewe op die kampus.<sup>17</sup> (Die Gastehuis is op die kampus en is in dié tyd meestal gebruik vir die huisvesting van besoekers van ander universiteite.) Die bedoeling dat die swart vrouestudente tydelik daar sou bly, het waarskynlik verband gehou met die universiteit se mislukte poging om die vrouestudente in die Promosa-eenheid te vestig. Hierdie twee uiters



beperkte reëlings sou nog vir meer as twee jaar voortduur terwyl verskeie nuwe moontlikhede vir universiteite ontvou het, wat deur al die ander benut is.

Dit was op hierdie stadium alreeds moontlik om in terme van die Groepsgebiedewet aansoek te doen vir toegewings met betrekking tot bewoning deur swart studente. Dit is dan ook deur talle universiteite gedoen, naamlik vir individuele studente om op 'n jaarlikse basis in te woon, of vrystelling vir alle bona fide voltydse ingeskrewe studente om in 'n gemengde koshuis, of in 'n afsonderlike koshuis, of in die gebied rondom die universiteit, te kon woon.<sup>18</sup> Dit staan in teenstelling met die twee genoemde beperkte moontlikhede wat wel deur die PU geskep is, naamlik die wooneenheid in Promosa en die Gastehuis. Later in hierdie artikel word gekyk na die praktiese gebruik en omvang van wat sekere ander universiteite in die land van hierdie toegewings van die staat gemaak het. Dit sal vergelykend kan aandui in hoeverre die PU bereid was om swart studente daadwerklik te help om praktiese behuising te bekom. Die toegewings was waarskynlik net bedoel om die “onafwendbare” oopstelling van koshuise uit te stel.

Die optrede van die voorstanders van oopstelling by die universiteit word nou nagegaan en gee 'n goeie beeld van die Raad se optrede en sy vassteek by 'n praktyk wat vinnig besig was om uitgediend te raak.

### 3. Kampe en veldtogte in die stryd om oopstelling

Die Raad is vanaf September 1989 deur die Senaat se versoeke om oopstelling onder druk geplaas.<sup>19</sup> Uit die aard van die verdeling van funksies was die oopstelling van koshuise nie 'n akademiese (Senaats-) aangeleentheid nie; die besluit het by die Raad berus, wat 'n hele reeks dikwels niksseggende argumente aangevoer het om sy afwysende besluite te probeer regverdig of ten minste aan homself te verduidelik. Die Raad het 'n solipsistiese gesprek gevoer oor die huisvesting van swart studente, die onafwendbaarheid, maar tog die evolusionêre ontwikkeling daarvan, die sogenaamde keuses vir studente en 'n “gedifferensieerde” benadering tot hierdie saak. Dit dui moontlik op oorversigtigheid om nie deur nuwe en duidelik liberale besluite sy vermeende ondersteunerskorps te vervreem nie. Daarom was die Raad se standpunte nie konsekwent of beginselvas nie.

Selfs die klein toegewings wat tot 1988 met betrekking tot behuising gemaak is, het erg omstrede geraak, omdat dit intussen, onbedoeld, slegs die omvattende en werklike probleem beklemtoon het. Die universiteitsowerheid het op hierdie stadium die verweer voorgehou dat hy op grond van die Groepsgebiedewet by die Administrateur van die destydse Transvaal-provinsie moes aansoek doen om swart studente op die kampus te huisves of om voorsiening te maak vir studente in “gemengde” opsette, op die kampus of elders. Toe die universiteit wel aansoek gedoen het, spesifiek vir huisvesting van die agt vrouestudente, het die Konserwatiewe Party-beheerde stadsraad 'n negatiewe aanbeveling by die Administrateur gemaak. Dit het tot “ongekende woede” onder akademici, studente en sommige gemeenskapsleiers gelei. In die beriggewing van dié tyd is daar omvattende dekking gegee aan sommige van die ontevredenes se standpunte, waaronder dié van Jeugkrag-Potchefstroom, die kampustydskrif *Woord en Daad (W&D)* en ook die omvattende standpunt van Gert Scholtz.<sup>20</sup> Die aangewese rektor van hierdie tyd, C.J. Reinecke, het die stadsraad se besluit ook as onbegryplik en teleurstellend bestempel, en gesê dat die afgelope jaar se

verblyf van die studente geensins “ontwrigtend” vir die ander inwoners van die Gastehuis of die studentelewe was nie.

Die besonder aktiewe sosiopolitieke groep op die kampus, Jeugkrag-Potchefstroom, het teen ongeveer die einde van 1988 die voortou geneem in die bevordering van swart studente se belange. Daar is ’n hele aantal aksies geloods om die swart studente se behoefte aan oop behuising duidelik te stel. Die organisasie het ’n rubriek in sy blaadjie, *Sê dit!*, geplaas en ’n mediavrstelling uitgereik waarin die stadsraad vir sy kleinlike optrede en sy “diskriminerende” en “verwerplike” besluit gekritiseer word.<sup>21</sup> Verder is ’n versoek aan die Sentrale Studenteraad (SSR) gerig om sy bekommernis oor die posisie van “Swart en Bruin” studente op die kampus te stel. Hierdie studente was op die oog af as volwaardige, voltydse studente toegelaat, maar tog van talle geleenthede uitgesluit omdat hulle nie op die kampus kon woon nie.

Jeugkrag-Potchefstroom het aan die SSR gevra om ondubbelsinnig oor die strydpunt standpunt in te neem. Die reaksie van die SSR was om die wesenlike van Jeugkrag-Potchefstroom se versoek aan die viserektor (Reinecke) deur te gee soos wat hy dit glo van “sekere studente” ontvang het. Die SSR het egter besluit om bloot die Raad se standpuntstelling af te wag en nie ’n eie en onafhanklike besluit te neem nie.<sup>22</sup>

Alhoewel die universiteit reeds in terme van die Groepsgebiedewet aansoek gedoen het om ’n permit om vrouestudente op die kampus (in die Gastehuis) te huisves, het Jeugkrag-Potchefstroom sy aandrang by herhaling beklemtoon dat: “Indien die universiteit nie bereid is om alles binne sy vermoë te doen om hierdie studente soos enige Blanke student te akkommodeer nie, kan daar nie gesê word dat die universiteit waarlik ‘oop’ is nie.” *W&D* het hom ook skerp teen die onmenslikheid van die Groepsgebiedewet uitgespreek en gemeen dat elke student wat “toegelaat word om te registreer, die reg het op dieselfde behandeling” as ander studente.<sup>23</sup> (Die Administrateur het eers in April 1989 toestemming gegee vir die vrouestudente se verblyf in die Gastehuis.)

Gedurende hierdie tyd het ’n “groot aantal dosente” Jeugkrag-Potchefstroom ondersteun met die ondertekening van petisies en die verspreiding van die betekenisvolle inligtingstuk, *Dit Raak Jou!*, en aan die groep raad gegee.<sup>24</sup>

L. Jansen van Rensburg het my meegedeel dat twee regsdosente haar gewaarsku het dat hulle meen dat die Bestuur van die universiteit teen haar sou wou optree oor haar rol in die aktiwiteite van Jeugkrag-Potchefstroom en/of haar betrokkenheid by die Dam-insident (sien eindnota 44) en dat sy hulle ingelig moes hou. In onderhoude met van die destydse inwoners van die Gastehuis is hierdie ondersteuning dikwels genoem. Wat indirek met die strydpunt om inwoning op die kampus verband gehou het, is dat ’n groep dosente aan Reinecke gevra het om ’n brief aan alle dosente te rig en daarin te wys op die omstandighede van studente wat in Promosa en Ikageng gewoon het en as gevolg van die “onrus” in die land (veral in die townships)<sup>25</sup> in onsekerheid geleef het. Hulle was nie seker of hulle wel op toetsdae uit die woonbuurte sou kon kom nie. Mans moes daar “gedwonge diens” doen, wat dit vir hulle moeilik gemaak het om te studeer en te slaap. Die skrywers het gevra dat alle dosente op die situasie gewys moes word en dat tegemoetkoming aanbeveel behoort te word.<sup>26</sup> (Hierdie probleme van swart studente sou nie bestaan het indien hulle in koshuise of in die wit woonbuurte kon woon nie.) Heelwat van die protesoptrede oor die sentrale strydpunt is egter deurlopend deur slegs een organisasie, naamlik Jeugkrag-Suid-Afrika, maar veral sy tak op

die kampus, uitgevoer. Belangrik is verder dat “[d]ie steun van wit studente [...] minimaal was, aangesien meeste van hulle in ’n parallelle werklikheid gelewe het waar hulle totaal onbewus was van die moeilike omstandighede van hulle mede-studente”.<sup>27</sup>

Bogenoemde optrede word beter begryp binne die konteks van wat op daardie stadium by ander universiteite gebeur het. Daarom is dit nuttig om te kyk na Jeugkrag-SA se oorsigtelike studie van praktyke by tradisioneel Afrikaanstalige en wit universiteite en teknikons.<sup>28</sup>

Jeugkrag-SA het bevind dat koshuise oor ’n aantal jare al hoe meer oopgestel is vir kategorieë buite die wit studentegeledere. So is in 1989 bevind dat die Universiteit Pretoria 44 swart studente in koshuise gehad het. Alle eertydse wit onderwysinstellings het toe al studente van alle “bevolkingsgroepe” gehad, behalwe dat, in die gevalle van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en Technikon Oranje-Vrystaat geen Indiërstudente in koshuise gewoon het nie. (Op daardie stadium kon geen Indiërs hoegenaamd in die destydse Oranje-Vrystaat woon nie.) Die oopstelling van koshuise op Afrikaanstalige universiteite soos Stellenbosch, Oranje-Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit was wel nog omstrede, maar verandering was reeds besig om plaas te vind. (Hierdie proses was toe reeds heelwat verder gevoer op Engelstalige liberale kampusse.) In teenstelling met die praktyk in die res van die land het die voorsitter van die SSR van PU, Marlizé Kruger, soos weergegee in dieselfde stuk, aangedui dat daar nie oopstelling by die universiteit beoog word nie, omdat die Raad gevoel het dat die “karakter” van die koshuise behou moes word.<sup>29</sup> Daarteenoor het Jeugkrag-SA homself ten gunste van oopstelling uitgespreek en die noodsaaklikheid gestel dat alle wetgewing wat dit sou kon bemoeilik, afgeskaf moes word. Jeugkrag-Potchefstroom het sy optrede verskerp deur, nog moediger, ’n belangrike vlugskrif op die kampus te versprei.

#### **4. *Dit Raak Jou!*: aanleiding tot openbare debat**

Jeugkrag-Potchefstroom se rol as ’n progressiewe en waarskynlik miskende studente-organisasie word onderstreep deur die belang van die verspreiding van die inligtingstuk *Dit Raak Jou!* teen die einde van Oktober 1988. Die doel was om alle studente bewus te maak van die ernstige behuisingsprobleme van “ons swart- en Kleurling-studente”, wat “traumatiese omstandighede” moes verduur.

Die verspreiding van die stuk is voorafgegaan deur ’n “lang en moeisame proses”.<sup>30</sup> Behalwe die versoek wat aan die SSR gerig is om ’n beginselbesluit oor die behuisingsituasie te neem, is daar briewe geskryf waarin die Raad gevra is om ernstig aan die saak aandag te gee. Nadat die stuk voltooi is, het die bestuur van Jeugkrag-Potchefstroom eenparig die inhoud van die inligtingstuk *Dit Raak Jou!* goedgekeur.<sup>31</sup> Omdat daar bekommernis was dat twee inwoners van die Gastehuis, Deidré Constance en Revona Williams, dalk in moeilike situasies kon beland tydens die verspreiding, is daar besluit dat hulle self sou kon bepaal of hulle saam met iemand anders (wit) sou wou gaan wanneer die verspreiding plaasvind.

Die verspreiding van die stuk deur Jeugkrag-Potchefstroom het aansienlike reaksie uitgelok, van positiewe bemoediging en gelukwense tot skerp kritiek. Dit het “soos ’n bom gebars [...] te midde van die rustige studentelewe”.<sup>32</sup>

Na die verspreiding was daar 'n gesprek tussen die hele bestuur van Jeugkrag-Potchefstroom en senior bestuurslede van die universiteit asook SSR-lede oor *Dit Raak Jou!*, wat sonder die vereiste inhoudelike goedkeuring van die SSR op kampus versprei is. Jeugkrag-Potchefstroom het erken dat die oorsig as 'n "tegniese punt" beskou kon word en het onderneem om in die toekoms hierdie reël na te kom. Reinecke het, nadat die vergadering alreeds begin het, by die groep aangesluit en dit gestel dat Jeugkrag-Potchefstroom nie die reg gehad het om die eerste uitgawe van *Sê dit!*, met 'n sekere berig daarin (oor *Dit Raak Jou!*), te versprei nie, omdat die inhoud oor 'n sensitiewe saak gehandel het waarvoor nie geskryf mog word nie, want dit "[doen die] saak net skade aan". (Dit is nie duidelik of hy bekommerd was oor die moontlike toekomstige onbelemmerde verblyf van die swart studente of oor die beeld van die universiteit wat benadeel kon word by sy konserwatiewe ondersteuners nie.) Hy het dit gestel dat die sinsnede "goedgekeur vir publikasie" (met betrekking tot *Sê dit!*) in die studentekoerant, *Die Wapad (DW)* "in elk geval onwaar" was. In 'n brief aan Jeugkrag-SA se hoofkantoor het die plaaslike tak hierdie bewering van Reinecke weerlê en dit gestel dat twee lede van Jeugkrag-Potchefstroom teenwoordig was toe Reinecke sy eie antwoord op die stuk, *Dit Raak Jou!*, aan hulle voorgelees het, 'n stuk wat dan volgens 'n onderlinge verstandhouding, naas Jeugkrag-Potchefstroom se bogenoemde artikel in *Sê dit!*, in *DW* van einde Augustus 1988 geplaas sou word. Eers op 'n later stadium het Reinecke die redakteur van *DW* gevra om die berig vir 'n maand terug te hou sodat die universiteit iets aan die saak kon doen. Hy het dit verder by die bogenoemde vergadering gestel dat die twee lede van Jeugkrag-Potchefstroom wat hierby betrokke was, mense was "wat nie vertrou kon word nie". Al die bestuurslede van Jeugkrag-Potchefstroom is deur hierdie bewering "geweldig ontstel".<sup>33</sup>

Dis slegs Jeugkrag-Potchefstroom se sterk optrede en *Dit Raak Jou!* wat die probleme van die swart studente duidelik in die openbaar gestel het. Deur die onaangename ervarings en die swak behandeling van die swart studente in die middelpunt van die gebeure te plaas, het Jeugkrag-Potchefstroom daaraan nuwe betekenis gegee, te midde van die digte rookskerm van retoriek wat deur die Raad en die Bestuur van die universiteit geskep is en die gespanne verhouding tussen Jeugkrag-Potchefstroom en die voorsitter van die hoofbestuur van Jeugkrag-SA.<sup>34</sup>

## 5. Verblyfprobleme: studente in die Gastehuis en Promosa-wooneenheid

'n Groot deel van die onsekerheid en ongerief van hierdie twee groepe swart studente is in *Dit Raak Jou!* vervat. Die inligting in hierdie afdeling van die artikel is hoofsaaklik daaraan ontleen. Een van die agt vrouestudente in die Gastehuis het byvoorbeeld onder die indruk verkeer dat haar inskrywing aan die PU losies sou insluit. Met registrasie het sy egter verneem dat sy nie in 'n dameskoshuis, Karlien, kon tuisgaan nie. Sy en haar ouers, wat 250 km van Potchefstroom af gewoon het, moes die dag van registrasie inderhaas vir haar losies vind in die swart woonbuurt, Ikageng, waar hulle niemand geken het nie. Van die ander swart studente was geskok omdat daar by hulle skool vir hulle gesê is: "Die Puk is oop!" Hulle het later agtergekom dat dit nie "werklik oop" is nie. Een meisie se aansoek om verblyf is inderdaad goedgekeur, maar met registrasie is sy meegedeel dat die universiteit nie aan "anderskleuriges" woonplek verskaf nie.<sup>35</sup>

Dit is duidelik dat die bedoeling aanvanklik was dat die agt vrouestudente ook, soos die mans, in Promosa (op die hoek van John Noble- en Henry-straat) moes woon. Hulle is na die eerste voltooide wooneenheid geneem en het die staalkaste en die uiters basiese staalbeddens nie aanvaarbaar gevind nie – dit het hulle aan ’n tronksel laat dink en die gebou was baie afgesonderd van die res van Promosa. Verder het hulle gemeen dat dit nie veilig gelyk het nie, daarom het hulle nie belanggestel om daar te woon nie.<sup>36</sup>

In ’n brief van die universiteit is voorsien dat die behuising in Promosa, wat op 1 Februarie 1988 betrek sou kon word, as dubbelkamers verhuur sou word, met geen verskaffing van etes en linne nie. Daar is voorsien dat daar ’n sitkamer, badkamer, kombuis en klerewasfasiliteit vir elke ses studente sou wees.

Die studente wat in Promosa in die universiteit se wooneenheid ingetrek het, het die aanpassing moeilik gevind.<sup>37</sup> Die sprong van skool na universiteit was al groot, maar daarby het ook nog die akkommodasie- en vervoerprobleme gekom.<sup>38</sup> Vir die mans was die eerste probleem in die oggend dat die inwonende 12 studente slegs een stort gehad het met net genoeg warm water vir drie mense. Dit was nie maklik om al vanaf 6:45 by die bussie te kom wat Potchefstroom toe gaan nie. As hulle nie voetgeslaan het nie, moes hulle van gewone taxi’s gebruik maak, maar in die geval van laat klasse, of wanneer hulle moes toets skryf, “wonder jy die heelyd of die reëlins wat jy getref het, gaan werk” en of daar dalk nog ’n taxi sal wees teen huistoegaantyd.

In Augustus van die eerste jaar het ’n amptenaar verbasing uitgespreek toe hy/sy hoor dat die vervoerprobleem van die manstudente nog nie opgelos is nie. ’n Lening van R500 is mettertyd aan elkeen van hierdie studente toegestaan om hulle te help met vervoer, maar volgens een student is daar “dus ’n keuse vir die studente uitgeoefen oor die plek van verblyf en daarna van hulle verwag om [self] vir die vervoer te betaal”.

Die vrouestudente moes noodgedwonge, as gevolg van die nievoltooiing van die tweede Promosa-wooneenheid en omdat hulle in elk geval geweier het om daar te woon, in die Gastehuis intrek. Hulle kon egter nie van die koshuiseetsale gebruik maak nie. Omdat daar nie kookgeriewe in die Gastehuis was nie, het hulle een van ’n paar keuses gehad. Hulle moes soms in hulle kamers kook of by die Studentesentrum en die kafees gaan kos koop. In die begin is daar wel geld bewillig vir ’n kombuis, maar dit is eers heelwat later verskaf, na die Julievakansie.<sup>39</sup> Die bedoeling was dat die verblyf in die Gastehuis vir die hele jaar sou geld, maar die vrouestudente het nog nie geweet hoe hulle sekerheid van verblyf binnekort geskok sou word nie. Op ’n stadium is hulle eensklaps per brief meegedeel dat hulle na Promosa kon (of moes) trek.

Aangesien daar egter onduidelikheid oor die aard en selfs die bestaan van die brief oor die voorgenoemde trek was, het die Studenteburo, op die vrouestudente se versoek, belowe om die saak te ondersoek en na hulle terug te kom.<sup>40</sup> Toe die vrouestudente noodgedwonge self later moes navraag doen, het die Studenteburo hulle meegedeel dat hulle wel die res van 1988 in die Gastehuis sou kon bly. Om dinge te vererger het die universiteit hulle ook nie meegedeel dat die Gastehuis in die jaar oorvol bespreek sou wees nie, met die gevolg dat hulle toe onvermydelik al agt na een groot kamer moes trek. By ’n vergadering met die verteenwoordigers van die Studenteburo, waartydens hulle oor hierdie situasie gekla het, is hulle meegedeel dat hierdie besluit oor die verskuiwing na een kamer nie by die buro berus het nie, en dat hulle dit so moes aanvaar, maar hulle sou wel weer later in dubbelkamers kon



intrek. Hulle het vir 'n paar dae saam in die groot kamer gewoon, maar omdat hulle oor hierdie swak behandeling gekla het (“[T]hey lied to us”, Constance, September 2015), kon hulle weer in gewone dubbelkamers intrek.

Een weergawe van hierdie gebeure is:

The guesthouse management decided that, because they were going to have many guests they [would] put us all up in the biggest room. [We had] all our bags with us, there on the floor. Lize could not understand how we were okay with this – but we lived like this at home, many in a room. [But] here we were slumming it, that’s what they forced us into. She also asked about our lack of privacy, but we enjoyed sitting in a circle and had a good time. (Constance, September 2015)

Die vrouestudente het, as lede van Jeugkrag-Potchefstroom, hulle saak oor die gebrek aan kombuisgeriewe by die organisasie gestel, wat daarvoor navraag gedoen het, en hulle is toe deur die Bestuur meegedeel dat hierdie geriewe wel nog in 1988 ingerig sou word.

Die universiteit het enige kennis van die gesamentlike bewoning (agt in een groot kamer) later ontken. Gedurende 1988 is die agt inwoners van die Gastehuis meegedeel dat die universiteit aansoek gedoen het om 'n permit van die Administrateur om hulle te kan huisves. Indien hierdie permit goedgekeur sou word, sou die vrouestudente vir die volgende jaar onder dieselfde voorwaardes in die Gastehuis kon tuisgaan – teen die gewone koshuistariewe. Studente wat eers die volgende jaar sou inskryf, sou wel weer eens probleme kon ondervind, want die universiteit was, volgens amptenare, “nie verplig om losies aan anderskleurige studente te verskaf nie”. Die standpunt was dat nuwelinge voortaan self hulle losies en vervoer moes verskaf, en volgens van die amptenare het die destydse inwoners eintlik onnodig gekla want, “ander” (wit?) studente het nie dieselfde eise gestel nie. Die inwonende swart studente het dit duidelik gestel dat die ongerief maar een saak was; dikwels was die ergste dat hulle menswaardigheid deur die swak behandeling aangetas is.

## 6. Die emosionele belewing van swart studente

Die swart studente het gevoel soos “weggooikinders”, met tranes en gevoelens van dalk moed opgee, dalk opskop. Dit het gevolg op die ontwrigting en teleurstelling en met die nie-opvolg van beloftes, onaanvaarbare omstandighede, en ook om rondgestuur te word tussen amptenare van die Studenteburo, die viserektor (Reinecke) en die mense wat verantwoordelik was vir Gastehuis-akkommodasie. Daar is selfs gesprekke gevoer met amptenare waarin sekere slegte ervarings waaraan die studente blootgestel is, deur die amptenare ontken is. Dit het daartoe gelei dat hulle getwyfel het welke keuses hulle onder die moeilike omstandighede moes maak:

We wondered whether we should go completely left [in our actions] or accept everything as it was. Lize said, “you could change the circumstances”. We all then decided that we would go in there and go at it hard. (Sumaya was in an awkward position, her dad was a Labour MP<sup>41</sup> at the time, [so] she could not do too much.) We also approached Youth SA [Jeugkrag-SA] and [Marthinus] Van Schalkwyk, [Lize had us all there]. We talked with one voice [and] she was very harsh to him [Van

Schalkwyk]. I think at this time we resigned from Youth SA. (Constance, September 2015)

Van die Gastehuis-inwoners se politieke insigte is sterk beïnvloed deur hulle veeleisende ervarings:

I was quite wild in my politics then. My room did not look pretty, it was just harsh. I made clippings from newspapers regarding the ANC and put it up on my bedroom wall. (I shared it with Ophelia.) One white guy saw this and said: these are terrorists. I was acting out of pain and anger. (Constance, September 2015)

Sommige wit studente het besondere ondersteuning aan die agt vrouestudente gegee of met hulle meegeleef, soos L. Jansen van Rensburg:

She came from a safe zone, not needing to do this and she cried with us. She came over from the “enemy” and she became “us”. She was with us in the fun times and the bad times. When I felt the pain that the university inflicted, I had [this] hatred or whatever, and Lize gave us a [new] understanding: “they [do] not know that they [are] hurting you”. [She was] enlightening us, she helped us to understand both worlds [...]. (Constance, September 2015; Williams, September 2015)

Die volgende is deur L. Jansen van Rensburg oor haarself en haar swart vriendinne geskryf:<sup>42</sup>

Ons tien!  
 Ek, duidelik anders as julle  
 Julle is ook anders as mekaar,  
 maar Apartheid het julle dieselfde gedwing  
 Julle neem my in julle TV-kamer  
 Julle onthou my verjaarsdag  
 Julle nooi my na julle s'n  
 Julle laat my goed voel as ek sleg voel  
 Julle ken my hartsgeheime  
 Soms huil ek vir julle  
 Soms huil julle vir julle  
 Soms huil julle vir my omdat ek vir julle huil  
 Tóg is ons dieselfde, almal vrouens, maar  
 julle bly gaste, De Klerk se gaste.

Wit Suid-Afrikaners was waarskynlik oor die algemeen rassisties in hulle sienings en optrede en daarom, selfs op universiteit, het die swart studente op doodgewone menslikekontakvlak dikwels emosionele ongemak verduur. Heelwat wit studente het 'n negatiewe houding teenoor die inwoners van die Gastehuis en ook dié van die wooneenheid in Promosa getoon: “so al of jy 'n aansteeklike siekte het”; “as jy in 'n bank inskuif, dan skuif hulle weg of staan op, loop en gaan sit op 'n ander plek”; of hulle het “jou met kru taal verwilder as jy [as niksvermoedende eerstejaar] ook wil sien wat 'n Groot ‘Brag’ is”.<sup>43</sup>

Dit sou vir die Raad en Bestuur van die universiteit, binne die destyds bestaande strak diskriminerende Suid-Afrikaanse opset, baie moeilik gewees het om die breë wit studentekorps positief te beïnvloed oor verhoudinge.<sup>44</sup>Hulle sou uiteraard wel 'n deel van die

wit studente kon bereik het, wat dalk tot meer gewone ordentlikheid teenoor swart studente sou kon gelei het. Dit is egter net so duidelik dat die segregasieraamwerk wat onversetlik deur die Raad in stand gehou is, ook sprekend was van sy weiering om ter wille van medemenslikheid positiewe besluite te neem oor die verbetering van rasseverhoudinge op die kampus. Uit die volgende uiteensetting is dit klinkklaar dat die Raad nie kon tred hou met die positiewe sosiale veranderinge wat besig was om in Suid-Afrika plaas te vind en daarvolgens op te tree nie.

## 7. Raad se gesag geld voortaan – maar die berg sou ’n “meerdoelige” muis baar

Die duidelikste aanduiding dat die Raad nie bereid was om van segregasie met betrekking tot die universiteit se koshuise af te sien nie, is te vinde in die gebeure na die besluit van die betrokke minister dat “die voorsiening van en beheer van huisvesting [op universiteitskampusse] voortaan hulle volle verantwoordelikheid” sou wees, onderhewig aan die riglyne (moontlik kwotas) deur die ministersraad bepaal. Hierdie nuwe geleentheid vir die toepassing van gesag oor huisvesting op kampusse het egter al teen die helfte van 1988 ingetree, maar word nou eers, in die tweede semester van 1989, formeel deur die Raad erken as ’n nuwe bestel wat in die land geskep is waarbinne hy nou verantwoordelikheid sou moes aanvaar.<sup>45</sup>

Hierdie baie laat verwysing na en bevestiging van sy verkreë verantwoordelikheid het egter nie veel nuuts na vore gebring nie, en nog erger: die Raad het weer eens besluit dat bestaande koshuise nie oopgestel gaan word nie, omdat “die kulturele karakter van die bestaande koshuise ’n belangrike deel van die opvoedkundige taak van die universiteit” is.

Terwyl die Raad enersyds geweier het om koshuise oop te stel, probeer hy nou sistap om die aandag van die sentrale probleem van segregasie in behuising weg te lei. Hierdie poging tot oëverblindery was om in die volgende jaar twee nuwe (“meerdoelige”) wooneenhede (soos meenthuse) op die kampus te begin oprig. Dit sou dan ook “huisvesting verskaf aan die gekleurde studente wat die afgelope twee jaar in die gastehuis op die kampus woon”.

Hierdie (dramatiese?) aankondiging het die gevolg gehad dat die bouwerk aan die oop eenhede in 1990 sou begin. Die eenhede sou in elk geval dan eers in 1991 in gebruik kom, vir studente van “alle bevolkingsgroepe”. Bowendien sou daar, volgens hulle eie beplanning, slegs ’n skamele 20 studente gehuisves kon word.<sup>46</sup>

In die genoemde inligtingstuk van die Bestuur, wat dit stel dat koshuise op die kampus nie “nou” oopgestel word nie, het die Raad gesê hy het “die afgelope jare ’n indringende ondersoek na studente-huisvesting geloods. As gevolg daarvan is sekere stelsels reeds geïmplementeer om aan die uiteenlopende behoeftes te voldoen [...]” Alhoewel aanvaar word dat die Raad wel ’n indringende ondersoek onderneem het, kan die “stelsels” wat tot einde 1989 as gevolg daarvan geïmplementeer is, sover dit swart studente se behuising kon raak, na niks anders verwys nie as die wooneenheid in Promosa, aanvanklik vir 12 studente, maar later vir 24 studente. Verder is wel reeds inwoning aan die agt vrouestudente in die Gastehuis verskaf, en dan uiteraard volg nou die beoogde ingebruikneming eers in 1991, van meerdoelige behuising waarvoor daar glo “beperkte aanvraag” was.<sup>47</sup>

Jeugkrag-Potchefstroom moes deur hierdie rookskerm kon gesien het, want die organisasie het, soos gewoonlik, baie beslis laat blyk dat hulle nie met die Raad se besluit “gediend” was nie.<sup>48</sup> Die organisasie het gevra dat die SSR sy ondersteuning gee aan Jeugkrag-Potchefstroom se versoek dat die universiteitsowerheid sy besluit oor nie-oopstelling heroorweeg. In November en Oktober 1989 is ander versoeke aan onderskeidelik W.J. de Klerk (’n besonder prominente verligte denker) en aan die voorsitter van die Raad gerig waarin om oopstelling gevra word.<sup>49</sup> In hierdie tyd het die SSR, die rektor (Reinecke) en die voorsitter van die Raad studente op ’n inligtingsvergadering “toegelig” en daar is aan die Raad gerapporteer oor “druk uit linkse en regse” studentegeledere, en dat aandrang op die oopstelling van koshuise van die sakesektor en van die buiteland verwag sou moes word. Hierdie druk was duidelik nie ’n nuwe verskynsel nie.<sup>50</sup>

Die PU sou wel die laaste universiteit kon wees wat sy inwoningsgeriewe vir alle studente oopgestel het, maar in elk geval het die universiteit in 1991 slegs een bewoonbare, inklusiewe eenheid gehad, voldoende vir 10 studente. (Dit is wel na 1991 geleidelik en omvattend uitgebrei.)

Aangesien ’n besluit oor nie-oopstelling teen die einde van 1989 geneem is en ook later bevestig is, word later aangedui hoe oopstelling in die praktyk weer eens in 1990 op so ’n wyse uitgestel is dat alle aansoekers, wit en swart, waarskynlik met goeie reg aanvaar het dat bestaande koshuise nie oopgestel was nie, en tog was, volgens Reinecke, die besluit wat so laat in die Suid-Afrikaanse dag geneem is: “onderhewig aan die Christelike en Afrikaanse karakter van die universiteit” en hy dui boonop aan daar was “nog geen probleme met anderskleurige studente op enige vlak nie en [dus] verloop sake baie gunstig”.<sup>51</sup>

Die manipulerings met woorde het sy hoogtepunt bereik by ’n vergadering van die Raad in April 1990. Die Senaat se versoek aan die Raad dien weer, spesifiek deur die Senaatslede geformuleer as óópstelling van koshuise. In reaksie hierop handel die tersaaklike besluit egter, volgens die Raadsnotule se opskrif, oor: “Meerdoelige behuisings vir studente”. Nou, in die Raad se hande, gaan dit nie meer soseer oor oopstelling nie, alhoewel die mosie van die Senaat slegs oopstelling versoek het. Ofskoon die Raad nou (in 1990) weliswaar besluit het dat “inwoningsgeriewe [...] vir alle studente beskikbaar gestel [word]”, was hierdie oorheersende idee van meerdoelige behuisings alreeds in Oktober 1989 voorgehou, maar tóé as ’n belangrike deel van die bevestiging van sy weiering van oopstelling. Waarskynlik was die plan van meerdoelige behuisings vroeër reeds bedoel om as ’n weerligafleier te dien. Nou word dit weer deel van ’n knap nuwe formulering in Mei 1990 dat “die bestaande inwoningsgeriewe nie vir ander dringende behuisingsbehoefte [van swart studente?] voorsiening maak nie”. Waar weiering om oopstelling vroeër gehandel het oor die behoud van die “karakter” van die eksklusief wit koshuise, word die onveranderde situasie met die “bestaande inwoningsgeriewe” (in Junie 1990) aan die tevrede en misleide Senaat oorgedra, as: “Die inwoningsgeriewe van die universiteit word vir alle studente beskikbaar gestel, onderhewig aan die Christelike en Afrikaanse karakter van die universiteit [...]”<sup>52</sup>

Nogtans het selfs hierdie proses wat begin is, uiters stadig gevorder, want die swart vrouestudente mog (waarskynlik in 1991) nog slegs een eetsaal gebruik en al ses (van die oorspronklike groep van agt) het aanvanklik saam in een lang kamer in die dameskoshuis Oosterhof gewoon. Een onlangse interpretasie hiervan is “ “[O]ns kon nie saam met die ander studente bly nie, al was daar genoeg plek” (Onderhoud, Williams, 20 September 2015).

Nadat ek onderhoude met die gewese inwoners van die Gastehuis gevoer het, het ek besef dat ek definitief die viserektor: akademies en studente en die latere rektor (Reinecke), wat deurlopend en sentraal by die nie-oopstelling en oopstelling van koshuise betrokke was, 'n geleentheid moes bied om sy begrip van die verloop van sake aan te bied. Dit sou my in staat stel om 'n volledige en goedgenuanseerde weergawe te skets.

### 8. C.J. Reinecke, 2016: 'n eie weergawe van gebeure

Tydens die een persoonlike gesprek wat ek met Reinecke kon voer, het hy begin met 'n uiteensetting van wat hy van die gebeure onthou.<sup>53</sup> Hy het 'n vloiediagram geteken terwyl hy gepraat en ek geluister het. Sy mondelinge uiteensetting en die vloiediagram was volgens hom wat gebeur het, behalwe dat hy nie die datums so goed kon onthou nie. Ek het toe verduidelik dat ek na hom sou terugkom vir 'n gesprek en dan 'n bandopname sou wou maak op grond van my eie vrae, wat weer gebaseer sou wees op inligting wat hy reeds tydens hierdie eerste gesprek verskaf het. Hy het nie op hierdie versoek gereageer nie. Toe ek tydens ons gesprek aan hom verduidelik het dat ek meer wil hoor oor die agt swart vrouestudente wat in die Gastehuis gebly het, het hy 'n baie duidelike indruk by my gelaat dat hy nie werklik betrokke was en dus ook nie verantwoordelikheid kan dra vir die gebeure waarvoor ek meer wou weet nie.<sup>54</sup> Daar is dus niks deur hom gesê oor die vrouestudente wat in die Gastehuis gebly het, hulle gesprekke met hom, verspreiding van *Dit Raak Jou!*,<sup>55</sup> koshuisinwoning in Promosa, en verbandhoudende sake nie. Hy het wel tydens ons gesprek aan my verduidelik dat net die feite tel. Toe ek dit aan hom stel dat die feite natuurlik aan interpretasie onderhewig is, het hy gesê: “Ja, jy kan natuurlik die feite interpreteer op grond van jou waarde-oordele.”

Daar is dus 'n eerste (mondelinge) en tweede (skriftelike) weergawe van Reinecke se uiteensetting. Laasgenoemde is deur my geskryf na afloop van ons gesprek, so goed ek kon onthou, en later deur hom geredigeer.<sup>56</sup> Sy geredigeerde weergawe dek net die volgende aspekte van die gebeure van 1987 tot 1990: daar was 'n aansoek van 'n swart ouer vir die oopstelling van die koshuise; hy het die steun van die destydse rektor<sup>57</sup> gehad om die saak vir oopstelling van die koshuise na die Senaat en die Raad te neem vir goedkeuring; daar was steun van die Senaat en afwysing van die Raad van hierdie versoek; en dan: “later” het die Raad besluit op die skep van “meerdoelige behuising”. Alle ander verbandhoudende aspekte van die verloop van sake is glad nie deur hom aangeraak nie, waaronder in besonder die volgende uiters belangrike gebeure: die skep van 'n wooneenheid in Promosa vir swart studente en die deurlopende stryd oor 'n periode van twee jaar oor die onaanvaarbare aard van die eenheid; die inwoning van agt swart vrouestudente in die Gastehuis en die deurlopende stryd, oor twee jaar, ook oor die onaanvaarbare aard daarvan; die verspreiding van *Dit Raak Jou!*; die versoeke vir oopstelling wat deur die Raad geïgnoreer of afgewys is vanaf Oktober 1989 tot April 1990.

Hy het dus wel die aansoek om inwoning laat in 1987 genoem, maar dan hervat by die skep van die “meerdoelige behuising” (soos eers in Oktober 1989 op besluit), aanvanklik vir 'n werklik klein aantal studente op die kampus, 'n projek wat volgens hom “sosiaal en andersins 'n groot sukses [was] en het die Raad dienooreenkomstig die oopstelling van alle koshuise goedgekeur”. Verder nog: “Die Puk het die ‘meerdoelige konsep’ dus dramaties uitgebrei tot wat tans [in 2015] bekend is as die Oppirif selfversorgingseenhede op die Wes-kampus waar



60 internasionale en 460 ander studente woon, ongeag ras of geslag.” Benewens sy selektiewe aanbieding van die gebeure staan hierdie weergawe van Reinecke nie net met die werklike gebeure en die ervarings van die twee groepe studente in skrilte teenstelling nie, maar ook veral met hulle emosionele beleving van die gebeure.<sup>58</sup>

Dit is duidelik dat Reinecke uiteindelik die veel latere, omvangryker behuisingseindproduk, naamlik Oppirif, anachronisties terugwaarts geteleskopeer het. Dit het hy gedoen deur voor te gee dat Oppirif op sigself, en heelwat vroeër as die werklikheid, die oopstelling van die koshuise beteken het. Soos reeds aangedui, het die bekendmaking van hierdie projek in 1989 deel van dieselfde besluit van die Raad uitgemaak waarin die oopstelling van die reeds bestaande koshuise afgewys is.

Watter eietydse opsomming en evaluering is moontlik oor die Raad en Bestuur se optrede na aanleiding van die versoeke om die oopstelling van die universiteit se koshuise, vanaf 1987 tot 1990?

## 9. Ten slotte

In my poging om ’n gesaghebbende menslikegeheuebron te ontgin oor die oopstelling van koshuise aan die universiteit, het ek by Reinecke gevind dat hy nie oop was vir vrae of bevraagtekening nie en slegs bereid was om ’n selektiewe weergawe van die gebeure vanaf 1987 tot 1990 te gee. Dit is moontlik dat hy van die strydpunte vergeet het of dan, dat hy dit doelbewus verswyg het.<sup>59</sup> Vir doeleindes van ’n keuse tussen hierdie twee moontlike verklarings doen ek die volgende vertolking: dit is moeilik om te aanvaar dat sy baie kort reaksie waarin hy laat blyk het dat hy nie by die Gastehuis betrokke was nie, daarop kan dui dat hy al die ontmoetings wat hy met die swart vrouestudente gehad het, heeltemal kon vergeet het.<sup>60</sup> (L. Jansen van Rensburg het aan my vertel dat sy Reinecke by sy huis besoek het en dat sy hom ingelig het oor die pynlike ervarings van die studente in die Gastehuis.) Net so kan sy anachronistiese weergawe nie eenvoudig daarop dui dat hy nie van al die baie ander insidente en strydpunte bewus was of dit miskien alles vergeet het nie. Hy het etlike male bevestig dat sy weergawe ’n goeie weergawe van die gebeure is. Hierdie senior bestuurslid van die universiteit se besondere weergawe moes my laat vermoed het dat ek nie maklik helderheid sou kon verkry by my noukeurige lees van die besluite wat deur die Raad geneem is nie.

Die gebruik van sy strukturele gesagsposisie (mag) deur die Raad, en by verstek die Bestuur, wys duidelik hoe die Raad voortdurend daaraan gewerk het om aan sy opponente in die stryd uiters beperkte beweegruimte te gee, dus, om te bepaal wat vir die voorstanders van oopstelling onmoontlik was of minder moontlik was om te doen (Wolf 1990:587). Omdat oopstelling van bestaande koshuise nie die Raad en die Bestuur se keuse was nie, maar hulle besef het dat dit onvermydelik was, het hulle die twee studentegroepe in Promosa en die Gastehuis aan onsekerheid, ongerief en persoonlike aantasting blootgestel. Daardeur is die studente in ’n posisie van verdere sosiale uitsluiting geplaas, wat hulle vermoë om keuses te maak nog verder beperk het. In soverre as wat Jeugkrag-Potchefstroom vir die studente in die bresse wou tree, het die Bestuur (en die SSR) doelgerig opgetree en sekere lede van Jeugkrag-Potchefstroom onregmatig van oneerlikheid beskuldig, die verspreiding van

inligting deur die organisasie gekortwiek en sy daaglikse funksionering op die kampus bemoeilik.

Aan die kragtigste personeelkorps op die kampus, die Senaat, is nie gehoor gegee nie en die liggaam is selfs in die laaste fase mislei, wat hom beperk het in sy vermoë om 'n goeie oordeel oor hierdie besluit van die Raad te fel. Alhoewel die Senaat moontlik meer invloed sou kon uitgeoefen het, het van die akademiese personeel op ander wyses hulle stem duidelik laat hoor en die swart studente en Jeugkrag-Potchefstroom bygestaan in hulle optrede. Die Raad het by twee geleenthede nie die ruimte wat die staat geskep het om oopstelling te bevorder, benut nie. Hierdie traagheid en uitstel het die uitsluiting van swart studente aansienlik verleng, want die Raad het die strukturele mag gehad om wel so op te tree, want hy het voorgegee dat hy ter beskerming van 'n Christelik-Nasionale belang opgetree het.

In besonder moet verwys word na die studente van Jeugkrag-Potchefstroom wat onomwonde aangetoon het dat die Raad uit pas was met die politieke en sosiale veranderinge in die land. Jeugkrag op die kampus was, volgens alle aanduidings, besonder dapper en uitgesproke in sy standpunte en optrede, en het deurlopend daarop gewys dat daar op grond van velkleur gediskrimineer is, dat die Raad oneerlik was en dat swart studente se waardigheid as mense en as studente aangetas is. Die beskuldigings oor genoemde miskennings is waarskynlik nooit deur die Raad op skrif ontken nie, ten spyte daarvan dat die universiteit, volgens homself, opgetree het volgens die instelling se "karakter". Jeugkrag-Potchefstroom se lede het die kragtige rol gespeel van 'n nuwe geslag wat verandering aangryp en ou, uitgeleefde stelsels onbevange kon bevraagteken. Meer nog, hulle was goed verteenwoordigend van die ander burgers wat oor eeue heen misken en erg benadeel is. Daarom kon hulle hierdie miskennis van hulle volle studentwees na behore insien en aan die lyf voel, met suiwer argumente oor die onaanvaarbare aard van die diskriminasie en die noodsaak van dringende regstelling. Die omvangryke veranderinge in die land kon al die lede, swart en wit, bemoedig in hulle stryd. Dit is ook waarom hulle die valsheid van Jeugkrag-SA kon raaksien en dus voorlopers kon wees in laasgenoemde se uiteindelijke ontmaskering as 'n front-organisasie van die regering. Die oorgrote meerderheid wit studente kon egter beswaarlik, en dan tot hulle eie nadeel, by hierdie les baat. In hulle onmiddellike omgewing was die universiteit gepolariseer oor 'n belangrike beginsel, naamlik gelykberegtiging, en hulle het omtrent geen rol daarin gespeel nie.

Die eerste onsekere Raadsbesluite en die toepassings van hierdie besluite deur die Bestuur was heel waarskynlik bedoel om 'n veilige sosiale afstand vir hulleself te skep in die hantering van swart studente se behuisingsbehoefte, asof die saak nie werklik met die kern van hulle verantwoordelikhede verband gehou het nie. Sodoende sou hulle dan soveel moontlik beheer daarvoor kon uitoefen, en oopstelling dan veel later, met 'n omweg, en onder dwang van omstandighede, op 'n baie klein skaal onderneem. In hierdie tyd was die motiverings wat die Raad telkens (vir homself) aangevoer het in sy weiering om koshuise oop te stel, moeilik verstaanbaar, en selfs werklikheidsvreemd, in ag genome die Suid-Afrikaanse omstandighede waartydens die besluite geneem is.<sup>61</sup> Dit is waarskynlik dat die Raad, en by verstek die ondersteunerskorps van die universiteit, grootliks lamgelê was deur hul deurlopende vermengde beskouing van die sosiopolitieke sfeer van kerk/universiteit en volk/ras. Die invloed van die denke wat hulle vroeër ontwikkel het, het waarskynlik by hulle behoue gebly en die veranderende insigte van die era en die onvermydelike veranderinge wat sou volg, kon dus nie rationeel verreken word nie.

Daarom, te midde van die Raad se duidelike onsekerheid oor die formulering van die besluite wat hy moes neem (verwoord in sy siening van die onafwendbaarheid van oopstelling en dat studente keuses moes hê), het hy telkens probeer om die aandag weg te lei van die eintlike probleem en 'n beeld van redelikheid voor te hou. Dit het plaasgevind terwyl die Raad en die Bestuur alreeds onder aansienlike druk verkeer het van buite die universiteit en van talle akademiese personeel en sommige studente, om koshuise oop te stel. Dit is moeilik om die dinamiek van besluitneming en uitvoering tussen die Raad en die Bestuur van die universiteit te bepaal. Alhoewel die getuienis onomwonde is dat die Raad oor hierdie periode afwysend was met betrekking tot die oopstel van koshuise, is die bronne nie so duidelik oor wat die aard van die advies van die Bestuur was nie. Slegs in een belangrike geval, aan die einde van die periode, is dit besonder duidelik dat die Bestuur, na deeglike kommissiewerk, aanbeveel het dat géén bestaande koshuise vir “anderskleurige” studente oopgestel word nie en dat daar nie oorweging gegee moet word aan die bou van bykomende koshuise nie, “hetsy slegs vir anderskleuriges, hetsy as 'n ‘oop’ koshuis op beide (Potchefstroom- en Vaaldriehoek-) kampusse [...]”.<sup>62</sup> Dit is toe dat die Raad doelbewus die klem vanaf die oopstellingskwessie na inklusiewe “meerdoelige behuising” verskuif het, maar nie dieselfde duidelike taal wou gebruik as dié van die Bestuurskomitee en om sodoende hulle werklike optrede in 'n skerp lig te plaas nie.

Vanaf 1987 is slegs twee maal duidelik in besluite van die universiteit verwys na motiverings oor die breë kwessie van gesegregeerde koshuise, of die nie-ooopstelling vir swart studente. In een geval (1989) het die universiteit dit gestel dat hy nie koshuise kon oopstel nie omdat hy die plig gehad het om die “kulturele karakter” van die (wit) koshuise te behou. In die ander geval het Reinecke tydens die gebeure, toe inklusiewe “meerdoelige behuising” wel (in 1990) beplan is, gesê dat hierdie besluit “onderhewig [is] aan die Christelike en Afrikaanse karakter van die universiteit”. Wat die presiese aard van hierdie karakterkenmerke was, is nie uitgespel nie.

Hierdie vae motiverings en betekenisverskuiwings in die onsekere tyd van die laat 1980's en vroeg in 1990 is waarskynlik gegee as regverdiging teenoor die universiteit se ondersteuningsbasis, in hierdie geval oorwegend Afrikaanssprekend, oorwegend Christene, maar eksklusief wit, moontlik met die vrees vir negatiewe reaksie van dié kant af. Die wyse waarop die universiteit uit pas was met sosiopolitieke ontwikkelings in die land kan veral gesien word in die onvermoë om geleenthede te benut wat deur al die ander universiteite gebruik is om veranderings in hulle bestuur van inwoning op kampusse aan te bring. Daardeur het die universiteit sy swart studente in die steek gelaat en sodoende hulle situasie as tweedeklasstudente vir langer as die ander universiteite laat voortduur. Dikwels kon die universiteit selfs nie duidelik aandui presies waarmee hy in sy besluitneming besig was nie, maar het nietemin gekies vir die onbillike status quo, en nie vir 'n radikale Christelike regstelling nie.

## Bibliografie

Coetzee, C.J. 1998. Die PU vir CHO en die rasse- en volkereproblematiek: enkele aspekte. *Koers*, Supplement, 1:273–89.<sup>63</sup>

- Du Toit, J.D. en S. du Toit. 1981. *Die Afrikaanse rassebeleid en die Skrif*. Potchefstroom: Publikasie van D. du Toit.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hexham, I. 1980. Dutch Calvinism and the development of Afrikaner nationalism. *African Affairs*, 79(315):195–208.
- Legassick, M. 2016. *Hidden histories of Gordonia: land dispossession and resistance in the Northern Cape, 1880–1990*. Johannesburg: Wits University Press.
- Loubser, J.A. 1987. *The apartheid Bible: a critical review of racial theology*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Norval, A.J. 1996. *Deconstructing apartheid discourse*. Londen, New York: Verso.
- Posel, D. 1997. *The making of apartheid, 1948-1961: conflict and compromise*. Oxford: Clarendon Press.
- Potgieter, De W. 2007. *Total onslaught: apartheid's dirty tricks exposed*. Kaapstad: Zebra.
- Reddy, T. 2004. *Higher education and social transformation in South Africa*. Pretoria: Council on Higher Education.
- Schutte, G.J. 1987. The Netherlands, cradle of apartheid? *Ethnic and Racial Studies*, 10(4):392–414.
- Stoker, H.G. 1941. *Die stryd om die ordes*. Potchefstroom: Calvyn-Jubileumboekefonds.
- Tomaselli, K.G. 2004. First and third person encounters: theoretical lances and research methodology. *Ecquid Novi*, 25(2):210–34.
- Van der Walt, B.J. 1983. *Horizon: surveying a route for contemporary Christian thought*. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.<sup>64</sup>
- Van der Westhuizen, C. 2007. *White power: the rise and fall of the National Party*. Kaapstad: Zebra.
- Viljoen, G. Van N. 1979. *Vernuwing en voortgang: rekenskap deur 'n Afrikaner*. Kaapstad: Tafelberg.
- Wolf, E.R. 1990. Distinguished lecture: facing power – old insights, new questions. *American Anthropologist*, 92:586–96.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Gedurende die apartheidsbestel is klein getalle swart studente wel, onder streng beheer van die staat, by gevestigde wit, “liberale” Engelstalige universiteite toegelaat. Daar is egter ook universiteite geskep vir swartes (gebaseer op ’n verskeidenheid staatsgedefinieerde etniese en rassekategorieë), soos byvoorbeeld vir: “Zoeloes, Kleurlinge, Vendas, en Sotho’s” (Reddy 2004:11).

<sup>2</sup> Al die Jeugkrag-dokumente is gevind in L. Jansen van Rensburg se versameling. Dit is deur my aan die Noordwes-Universiteit se argief geskenk en kan gevind word by: Sentrale Studenteraad (A1) Diverse: Politieke verenigings, lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999.

<sup>3</sup> Ander belangrike figure was J.D. du Toit (Totius) en S. du Toit. Onder andere as gevolg van die volkskongres waar bogenoemde akademici voordragte gelewer het, het die universiteit homself formeel met die apartheidsbeleid vereenselwig. Daar was egter dikwels, oor dekades heen, kritiese stemme en faksies wat hierdie eenduidige lojaliteit op grond van normatiewe uitgangspunte bevraagteken het. Hieronder tel ook *Woord en Daad (W&D)*, ’n kampustydskrif wat krities was teenoor die Bestuur en die regeringsbeleid (Coetzee 1998:275–6; Du Toit en Du Toit 1981).

<sup>4</sup> Beyers Naudé was as NGK-predikant betrokke by die Cottesloe-besluite, wat skerp prinsipiële kritiek op apartheid gelewer het. Die Afrikaner Broederbond was ’n eksklusiewe, nasionalistiese, geheime organisasie wat in dié tyd gemobiliseer is om hierdie vure te blus en dit het H.F. Verwoerd, as eerste minister, getrou gesteun in sy volgehoue verdediging van die idee en toepassing van apartheid.

<sup>5</sup> Jeugkrag-SA is waarskynlik doelbewus gestig om jong aktiviste wat teen die regering gekant was, te probeer neutraliseer. Die Waarheid-en-Versoeningskommissie het later bevind dat geheime regeringsfondse toegewys is aan onder andere die Suid-Afrikaanse Weermag vir gebruik deur ’n hele reeks frontorganisasies, soos Projek Essay (vir Jeugkrag-SA/Youth Power). Hierdie organisasies is gebruik vir die “bevordering van ’n politieke klimaat wat direk en indirek gelei het tot growwe skendings van menseregte” (WVK, Finale verslag: <http://sabctrc.saha.org.za/reports/volume2/chapter6/part4/subsection1.htm>; 21 Maart 2015 geraadpleeg; Anon. 1986. Jeugkrag-leier bepleit snelle hervorming, *Die Burger*, 18 Oktober; sien ook Potgieter 2007.)

<sup>6</sup> Viljoen was ’n leidende figuur in die Afrikaner Broederbond, rektor van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit en later ’n minister in P.W. Botha se kabinet. ’n Goeie aanduiding van die veranderende ideologiese raamwerk in die land is die publikasie van Loubser (1987).

<sup>7</sup> Legassick (2016:113) stel sy benadering ook teenoor ’n “postmodernistiese” reduksie van die geskiedenis wat deur sodanige geskiedskrywers aangebied word as blote “representations of the past, according to her or his will”.



<sup>8</sup> Tydlyn van belangrike gebeure waarna in die artikel verwys word:

Maart 1984	Swart studente toegelaat (na-uurs, voorgraads)
[Einde] 1987	Erf word in Promosa gekoop vir behuising van “kleurling”-studente
Februarie 1988	Swart studente toegelaat, voltyds
Februarie 1988	Betrek van wooneenheid in Promosa
Februarie 1988	Betrek van Gastehuis deur swart vrouestudente
Oktober 1988	Jeugkrag-vlugskrif, <i>Dit Raak Jou!</i> , word versprei
Desember 1988	Aansoek om permit by Administrateur (Gastehuis)
Desember 1988	Stadsraad: negatiewe aanbeveling by Administrateur
Julie 1988	Verskaf van ’n kombuis in die Gastehuis
Julie 1988	Raad kry gesag van Minister om behuising self te reël
April 1989	Administrateur gee toestemming vir bewoning van die Gastehuis deur swart vrouestudente
September 1989	Raad erken nou eers sy gesag wat deur die Minister gegee is
September 1989	Senaat versoek oopstelling van bestaande koshuise
[1989]	Jeugkrag-SA se verslag oor oop koshuise op universiteite
Oktober 1989	Raad weier oopstelling; “meerdoelige behuising” in vooruitsig gestel
April 1990	Senaat versoek oopstelling van bestaande koshuise
Junie 1990	Raad aan Senaat: weer meerdoelige behuising, nie algemene oopstelling
1991	Ingebruikneming van “meerdoelige behuising” vir 10 studente, later uitgebrei.

<sup>9</sup> Die skrywers van die tyd se bedoeling was om te onderskei tussen die oorgrote, meerderheidskategorie wat toe deur wetgewing as sogenaamde kleurlinge, of swartes/Bantoes of Indiërs geklassifiseer was en die minderheidskategorie, wat as blankes geklassifiseer was. Hierdie vreemde term, “anderskleurige” (ook “nie-blanke”), was in algemene gebruik. Dit sal meestal in die artikel vervang word met “swart”, as ’n kategorie van al die mense wat voorheen (voor 1984) op grond van hulle velkleur/“ras”, onder andere nie toegelaat is as studente by die universiteit nie.

<sup>10</sup> Noordwes-Universiteit Argief, Potchefstroomkampus (voortaan NWUA). Die Senaat het ook (op 28 Maart 1984) terug verwys na en steun gegee aan die Raad se “beginselbesluite”

van 1973, 1978, 1980 en 1983. Sien: Senaat, Notule: 28 Maart 1984; 6 Junie 1984; 31 Oktober 1984; 26 Maart 1986; 4 November 1987; 8 Junie 1988; Raad, Nuusbrief, 26 November 1987. In Maart 1986 het die Raad dit uitvoerig aan die Senaat gestel dat die universiteit spesifiek ’n Christelike en Afrikaanse instelling is. Die Senaat het in November 1987 besluit dat swart studente herhaaldelik en nadruklik daarop gewys moes word dat slegs Afrikaans die voertaal van die universiteit is. (Die Afrikaans-medium van die universiteit was een van die beperkings wat baie swart studente sou ontmoedig om die PU as ’n studie-opsie te oorweeg.) Op dieselfde trant het “beginselbesluite” van die Raad byvoorbeeld verband gehou met die (aparte) opleiding van teologiese studente op Hammanskraal, waar daar “geen sosiale vermenging” moes plaasvind nie en die “Christelike en nasionale” karakter uitgeleef moes word. Swart studente moes nie gehuisves word nie, maar sou “andersins volwaardige studente” van die universiteit wees (Raad, Notule, 28 Maart 1973, 6.11).

<sup>11</sup> NWUA, Senaat, Notule, 8 Junie 1988, 10.16.3.6.

<sup>12</sup> NWUA, Raad, Notule, 26 November 1987, 6.4.

<sup>13</sup> NWUA, Raad, Notule, 26 November 1987, 6.4.

<sup>14</sup> Alle lede van die onderskeie “bevolkingsgroepe” moes, soos bepaal deur die Groepsgebiedewet (of die Bantoe Stadsgebiedewet), toestemming kry om in gebiede te woon wat vir gebruik deur ’n ander “bevolkingsgroep” as hulle eie geproklameer was.

<sup>15</sup> NWUA, Raad, Notule, 26 November 1987, 6.4.

<sup>16</sup> Die dampkring waarin die lede van die universiteit se Raad en Bestuur gemaklik was, is omskryf deur hulle politieke samehorigheid met die Nasionale Party en dikwels hul lidmaatskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit word goed aangedui deur F.W. de Klerk (voorsitter van die Ministersraad van die Volksraad) se ernstige afwysing van *W&D* se kritiek op die regering asook die deeglike hantering van sy klagte deur die viserektor (Reinecke) en selfs die Bestuurskomitee van die universiteit. Die lede van die Reformatoriese Beweging van Suid-Afrika (REBSA) en die *W&D*-redaksie was dikwels lidmate van die Gereformeerde Kerke, soos wat De Klerk ook is. Gedurende Tjaart van der Walt (Reinecke se voorganger as rektor) se ampstermyn het hy vergaderings op die kampus gereël waartydens hy personeel aangemoedig het om die Nasionale Party-regering te steun; ek het self so ’n vergadering bygewoon (NWUA, Bestuurskomitee, Notules en Bylaes: De Klerk-REBSA, 16 Oktober 1987, ble. 203–4; 16 November 1987, bl. 21; 24 November 1987, bl. 5; 28 Januarie 1988, bl. 10; 9 Februarie 1988, bl. 8).

<sup>17</sup> Die studente wat in die Gastehuis gebly het, was: Deidré Constance; Innocentia Kedijang; Laura de Bruin; Natalia Rose; Ophelia Holyoak; Sara Tjiwemu; Sumaya Richards en Revona Williams.

<sup>18</sup> NWUA, Versameling van die Sentrale Studenteraad (A1) Diverse: Politieke verenigings, lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999. (Voortaan: SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999), DK56, Olivier, N.J.J., W. du Plessis 1988. Groepsgebiede: knelpunte vir oop universiteite. *W&D*, Julie, ble. 9–10; DK31, Jeugkrag-Potchefstroom [1989]. “Tweedeklas studente”, *Nuusblad van Jeugkrag-SA*, 4(1):14.

<sup>19</sup> In die toelating van swart studente tot na-uurse studie is die mosie aanvaar met slegs vyf teenstemme wat genotuleer is (NWUA, Senaat, Notule, 28 Maart 1984). Sien ook Senaat, Notule, 1 November 1989; SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK58 [1989] Van der Wateren, H. e.a. Beswaarskrif na aanleiding van die inligtingstuk: die toelating van anderskleurige studente aan die PU vir CHO.

<sup>20</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK20, Anon. 1988. Potch woedend oor raadsbesluit, *Beeld*, 3 Desember, bl. 2. Scholtz het dit gestel dat dit hom herinner het aan 1924 toe die Stadsraad besluit het dat gekleurdes nie op die sypaadjies van Potchefstroom mag loop nie, maar net in die strate. Net so, in 1965, het die Stadsraad beslis dat vir die kies van 'n Springbokspan “die gekleurde deelnemers nie saam met die blankes mag wegspring, of op openbare paaie mag hardloop, of nie saam op die sportstadion die wedloop mag eindig nie”. Die Groepsgebiedewet was in gedrang by die inwoning van die Gastehuis, maar Scholtz trek 'n parallel met die destydse toewysing van afsonderlike geriewe. Volgens Reinecke het “anderskleurige studente” – voltyds, deelyds en nagraads – op hierdie stadium slegs ongeveer 4% van die studente op die twee kampusse, Potchefstroom en Vaaldriehoek, uitgemaak; SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK21, Anon. 1988. Raadsbesluit skok Puk. *Potchefstroom Herald* (voortaan: *Herald*), 2 Desember, ble. 1–2.

<sup>21</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK23, Persverklaring, Jeugkrag-Potchefstroom, 2 Desember 1988.

<sup>22</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK24, L. Jansen van Rensburg – SSR, 23 Augustus, 1988; DK25, J.H. Grobler – L. Jansen van Rensburg, 2 November 1988; Raad, Notule, SSR – Reinecke, 14 September 1988. Jeugkrag-Potchefstroom – Voorsitter Raad, Raad, Notule, 26 September 1988.

<sup>23</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK24, Jeugkrag-Potchefstroom-SSR, 23 Augustus 1988; DK57, Redaksioneel. 1988. Tentakels van die Groepsgebiedewet. *W&D*, Desember, bl. 2.

<sup>24</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK12 [*Dit Raak Jou!*, 1988]; DK29, Jeugkrag-Potchefstroom - Jeugkrag-SA, s.j. Ockert Potgieter (destyds voorsitter van Jeugkrag-Potchefstroom); DK60, Potgieter, e-pos, 20 April 2016. Ek het onderhoude gevoer met Constance, Williams en Rose. Constance, onderhoud, 25 September 2015 en Rose, onderhoud, 20 November 2015: “[Prof.] Nic Olivier spoke to us more than once, we also went to his quarters. [Hy het hulle in die Gastehuis besoek en moed ingepraat.] In cases such as these, Lize was very strategic and we had the sense she had beforehand prepared those who spoke to us, they were always very well prepared. They gave us encouragement. This we got from several people.”

<sup>25</sup> Die regering het van 1988 tot 1990 'n noodtoestand afgekondig omdat die townships feitlik buite hulle beheer geraak het (Van der Westhuizen 2007:144–70). Anon. 1990. Ikageng in vlamme. *Herald*, 16 Maart, ble. 1–2. Anon. 1990. Hekke “toe” om Ikageng. *Herald*, 23 Maart, ble. 1–2.

<sup>26</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK5, PU-dosente-Reinecke, s.j., geen handtekeninge.

- <sup>27</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK62, Potgieter, e-pos, 31 Augustus 2016.
- <sup>28</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK14, Jeugkrug-SA [1989], Oopstelling van koshuise – ’n oorsig.
- <sup>29</sup> Marlizé Kruger was in 1989 en 1990 op die bestuur van Jeugkrug-SA.
- <sup>30</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK30, Jeugkrug-Potchefstroom. 1989. *Sê dit!*, Taknuus, bl. 1; DK60-62, Potgieter, e-pos, 27 Desember 2015, 20 April 2016, 28 Augustus 2016.
- <sup>31</sup> Een lid het gemeen dat dit nie op die kampus versprei moes word nie. NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK47, Jeugkrug-Potchefstroom, Notule bestuursvergadering, 24 Oktober 1988.
- <sup>32</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK60, Potgieter, e-pos, 20 April 2016.
- <sup>33</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK18, Ockert Potgieter-Marthinus van Schalkwyk, s.j. Potgieter en L. Jansen van Rensburg was teenwoordig toe Reinecke sy reaksie op *Dit Raak Jou!* voorgelees het; dit was hulle “wat nie vertrou kon word nie”. In hierdie tyd was daar aansienlike spanning tussen die SSR en Jeugkrug-Potchefstroom oor ’n hele reeks gebeure wat laasgenoemde se funksionering ten kwade beïnvloed het, soos: die optrede van die African Jazz Pioneers soos gereël deur Jeugkrug-Potchefstroom; deelname aan ’n straatmark; beslaglegging op nuusbriewe van Jeugkrug; die onaanvaarbaarheid van die inhoud van die tak se nuusbriewe vir die SSR en die Bestuur; gebruik van telefone op die kampus deur die tak. Sien ook DK59 (Jeugkrug-Potchefstroom, Jeugkrug-Potchefstroom se projek in die Studente-sentrum, 10 Februarie 1989).
- <sup>34</sup> Potgieter verduidelik dat die tak op die kampus beslis “anders” was en die enigste een wat werklik nierassig was. In hulle skep van praktiese gemeenskapsprojekte was dit “onvermydelik” dat hulle by behuising van studente betrokke sou raak, iets wat “soveel van ons lede op ’n [...] daaglikse basis geraak het”. Hy stel dit ook dat die “blatante diskriminasie” teen hulle medestudente “hulle menswees aangetas en die ontberinge wat daarmee gepaard gegaan het, het hulle studies direk beïnvloed”. As gevolg van die sterk teenkanting van die SSR, studente-dekaan, Reinecke en die kampustak van die Nasionale Party teen Jeugkrug-Potchefstroom se aktiwiteite het Van Schalkwyk hulle op ’n stadium verbied om voort te gaan met omstrede projekte. Die hele bestuur van die tak het toe bedank en Jeugkrug-Potchefstroom het ophou bestaan (NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK60, Potgieter, e-pos, 20 April 2016; DK61, Potgieter, e-pos, 27 Desember 2015; Potgieter, e-pos, 31 Augustus 2016; DK63 [Jeugkrug-Potchefstroom-bestuur aan Lede van Jeugkrug-Potchefstroom oor bedanking van bestuur] s.j).
- <sup>35</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK12, *Dit Raak Jou!* (einde Oktober 1988); DK29, Jeugkrug-Potchefstroom – Jeugkrug-SA, s.j.; DK26, Jeugkrug-Potchefstroom – Voorsitter Raad, 26 September 1988. Verblyf in die townships was baie moeilik bekombaar.
- <sup>36</sup> Onderhoud met Constance en Rose, 20 November 2015. Die twee het in hulle eerste jaar by ’n gesin in Promosa gewoon en het, soos ander studente wat by gesinne gewoon het, baie

vervoerprobleme gehad. Dit het beteken dat hierdie groep nie in die aande in die universiteit se biblioteek kon studeer nie. Sien ook NWUA, Bestuurskomitee, Notules, 22 Augustus 1989:33; 5 September 1989:15, 16, 19, Vervoerprobleme, Vaaldriehoek-kampus, Anderskleuriges.

<sup>37</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK13, Direkteur Akademiese Administrasie – L.A.P. de Bruin, 22 Oktober 1987. Die brief verwys na De Bruin se aansoek om losies in Promosa en na die oprigting van die wooneenheid van die universiteit in Promosa.

<sup>38</sup> Dit was nadat 'n amptenaar van die universiteit hulle vroeër by 'n vergadering meegedeel het dat daar aandag aan hulle vervoerprobleme na en van die universiteit gegee sou word.

<sup>39</sup> Die nuuttoegeruste kombuis en 'n ekstra badkamer het die situasie in die Gastehuis aansienlik verbeter (Constance, onderhoud, 20 November 2015). Daar was in 'n ander situasie 'n gesprek tussen die huisvader en die rektor (Reinecke) oor “probleme” wat met die besoekers van die swart studente ondervind is. Die Bestuurskomitee het gemeen dat dit “moeilike aanpassingsprobleme” was en dat “alle koshuise moontlik nie geskik [was] vir die huisvesting van anderskleurige studente [nie] aangesien geriewe [soos meerdoelige behuising?] nie altyd beskikbaar is nie” (Bestuurskomitee, Notule, 30 April 1991:30).

<sup>40</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK8, Aantekeninge (deur L. Jansen van Rensburg met 'n lys vrae oor Jeugkrag-Potchefstroom se problematiese wisselwerking met die universiteitsowerheid.) Hierin word sekerheid gesoek oor die werklike bestaan van hierdie brief. Williams, De Bruin en Constance was bereid om te bevestig dat hulle dit self gesien het.

<sup>41</sup> Hy was 'n lid van die Raad van Verteenwoordigers binne die Driekamerparlement, wat vir die “kleurlinge” geskep is.

<sup>42</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK64, Die Gastehuis, 8 Junie 1989.

<sup>43</sup> Williams (en Constance) verwys daarna dat hulle by Reinecke gaan kla het en dat hy toe belowe het om vir wit studente 'n vermanende kennisgewing te laat opsit (Onderhoud: Williams en Constance, 25 September 2015).

<sup>44</sup> 'n Groep van Jeugkrag-Potchefstroom, wit en swart studente, saam met internasionale studente, is in 1988 deur 'n “polisieman” in privaatdrag, bes moontlik van die Veiligheidspolisie, van die terrein van die Dam-ontspanningsoord afgesit. L. Jansen van Rensburg was verplig om 'n beëdigde verklaring by die stasiebevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie af te lê. 'n Regsdosent, Willemien du Plessis, het haar vergesel, maar sy is slegs as “my vriendin” voorgestel. Anon. (1988). Studente by dam verjaag. *Vaderland*, 16 Augustus, bl. 2.

<sup>45</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK49, Raad, Nuusbrief, 21 September 1989. Dit het slegs gelei tot 'n afwysing van oopstelling; DK56, Olivier, Du Plessis. 1988. Groepsgebiede, *W&D*; Sien Raad, Bylaes, 26 April 1990, ble. 86–101. F.W. de Klerk was minister van nasionale onderwys en kultuur toe hierdie gesag aan universiteite oorgedra is.



<sup>46</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK39 [Bestuur], Persvrystelling, 4 Oktober 1989, Beurse vir studente in die nuwe wooneenhede aan die PU vir CHO, en ook DK38 [Bestuur], [Oktober] 1989, Persvrystelling, PU beplan nuwe wooneenhede vir alle bevolkingsgroepe. Die universiteit het geld van borge ontvang vir die oprigting van die nuwe eenhede op die kampus, wat ’n beursskema sou insluit. Volgens Reinecke sou die beursskema geen bevoordeling bo dié van studente in bestaande behuising meebring nie, maar dit sou wel binne die raamwerk van ’n ander (aparte) beursskema hanteer word. DK48, Anon. 1989. Nuwe wooneenhede op die Puk “oop”: bestaande koshuise bly vir wittes. *Beeld*, 5 Oktober; sien ook DK51, Weergawe van gesprek met Reinecke, 14 Oktober 2015 en geredigeerde weergawe van 22 Oktober, 2015.

<sup>47</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK38 (Mediavrstelling, [Oktober] 1989). Anon. 1989. Nuwe wooneenhede op die Puk “oop”. *Beeld*, 5 Oktober; DK51; Reinecke, gesprek, 14 Oktober 2015.

<sup>48</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK4, 19 Oktober 1989 (Versoek van Jeugkraglede-Potchefstroom (Constance, L. Jansen van Rensburg, Jerome Kiley, Rudi Sattlegger, Werner Smit, Wavell van Wyk) – Marlizé Kruger (SSR-voorsitter). Hierby is ’n handgeskrewe brief, s.j., waarop DK4 gebaseer was; waarskynlik is eersgenoemde weergawe deur ’n personeellid geskryf. Dit is waarskynlik dat ’n soortgelyke versoek aan Reinecke gestuur is (sien DK44).

<sup>49</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK3, L. Jansen van Rensburg – Voorsitter van Raad, 30 Oktober 1989; L. Jansen van Rensburg – W.J. de Klerk, 3 November 1989; W.J. de Klerk – L. Jansen van Rensburg, 17 November 1989. Van eersgenoemde brief was daar slegs erkenning van ontvangs, maar De Klerk het geantwoord dat die skrywer sterk argumente het, maar het homself verskoon van verantwoordelikheid omdat hy (as ’n gewone lid van die Raad) volgens beginsel moes konformeer met die Raad se besluite.

<sup>50</sup> NWUA, Senaat, Notule, 1 November 1989:16(10). Die Senaat het alreeds in 1986 verwys na sy en ander statutêre rade se beplande toekomstige offensiewe beleid teen internasionale akademiese isolasie (Senaat, Notule, 26 Maart 1986:14.1.1). Die Vrije Universiteit van Amsterdam het al in Oktober 1974 sy verhouding met die universiteit verbreek as gevolg van laasgenoemde se onaanvaarbare optrede m.b.t. “rasiale gerechtigheid en apartheid”. In Oktober 1989 het al die groot Nederlandse universiteite soortgelyke besluite geneem en in die VSA, Brittanje en die Skandinawiese lande is soortgelyke standpunte gehuldig (Raad, Bylaes, 26 April 1990, bl. 94).

<sup>51</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK34, Anon. 1990. Puk-koshuise vir alle rasse oop. *Herald*, 1 Mei, ble. 1–2. Dit is moontlik dat Jeugkrag-SA se vlugskrif (deur die SSR goedgekeur) in hierdie tyd versprei is. Hierin verwerp Jeugkrag-SA enige wetgewing wat teen individue of groepe diskrimineer op grond van ras en/of velkleur (Sien Jeugkrag-SA, DK41, Oop koshuise, s.j.). Reinecke se moedigheid (dat sake “gunstig” verloop) dui dalk op ’n onvermoë om die tydsomstandighede te snap. Die hoë druk op die onderbou van segregasie het vroeg in 1990 duidelik na vore gekom toe die stadsraad bevestig het dat openbare geriewe in Potchefstroom nie gedeel sou word nie. Die (Munisipale) Bestuurskomitee van Promosa het die besluit met “afsku bejeën” en onmiddellik besluit om ’n kopersboikot teen wit besighede te ondersteun. Louis le Grange, die plaaslike NP-LV, het ’n aanval op die stadsraad geloods omdat die KP (Konservatiewe Party) besig was om “op ’n

kru manier in trurat te ry, in plaas daarvan om ordelik vorentoe te beweeg” (DK33, L. le Grange. 1990. Waarom die dubbelstandaarde? *Herald*, 9 Maart, bl. 8). Die gety in Suid-Afrika het duidelik gedraai teen die diskriminerende uitsluiting van swartes van sekere voorregte, want hierdie besluit van die stadsraad was toe reeds volstrek gemotiveer deur ’n politieke filosofie wat nie (meer) aanvaarbaar was in besluitneming deur ’n plaaslike owerheid nie (DK22, Venter, F. 1990. Raad sal nie meer kan sê. *Herald*, 6 Maart, ble. 1–2; Anon. 1990. Afsonderlike geriewe bespreek. *Herald*, 27 Februarie, ble. 1–2; Anon. 1990. “Geriewe nie oop” deur Stadsraad bespreek. *Herald*, 2 Maart, ble. 1–2; Anon. 1990. Kopersboikot nou ook in Potch? *Herald*, 10 April, ble. 1–2; DK32, Anon. 1990. KP sal hand en tand veg. *Herald*, 6 Maart, bl. 6). Die universiteit het ook “betrokke” geraak toe bykans 160 personelede van die universiteit so sterk oor die saak gevoel het dat hulle ’n paar maande later geëis het dat die stadsraad moet bedank. Reinecke het homself egter baie duidelik gedistansieer van die personeel se eis om die bedanking van die stadsraad deur herhaaldelik te verduidelik dat dit nie die universiteit se standpunt is wat deur personeel gestel is nie, en dat die Bestuur van die universiteit nie in hierdie saak geken is nie (DK21, Anon. 1990. Raad moet bedank, vra bykans 160 Puk-personeel. *Herald*, 9 Maart, ble. 1–2; Afrika, S. 1990. Praat met ons, nie oor ons; Kock, L. 1990. Potch ’n toekomsstad? *Herald*, 16 Maart).

<sup>52</sup> NWUA, Raad, Notules, 26 Maart 1986: 115, 118–20; 28 Maart 1973, 6.11; 26 April 1990, 8; Senaat, Notule, 13 Junie 1990, 16. Ander waarnemers is ook deur hierdie kungreep geflous, bv.: Anon. 1990. Puk-koshuise vir alle rasse oop. *Herald*, 1 Mei, ble. 1–2; Anon. 1990. Koshuise op die Puk oopgestel. *Beeld*, 28 April, bl. 4. Op 16 Mei 1990 het die SSR konstruktief gereageer op die Raadsbesluit oor behuising vir “studente van alle rasse” wat egter “nie onmiddellik in praktyk” deurgevoer sou kon word nie. Die SSR sou wel “onderlinge verdraagsaamheid” bevorder (Raad, Bylae, 28 Junie 1990, 1). Die skrywer van die genoemde *Beeld*-nuusberig het die neem van die besluit “verrassend en onverwags” gevind.

<sup>53</sup> Aanvanklik het ek telefonies aan Reinecke verduidelik dat ek met hom ’n onderhoud wou voer. Ek het later onderneem dat ek die transkripsie van die bandopname van hierdie beoogde onderhoud aan hom beskikbaar sou stel sodat hy regstellings kon aanbring as hy wou. Ek het hierdie versoek om ’n onderhoud later nog vier maal herhaal. Hy het glad nie op my (mondelling en skriftelike) versoeke gereageer nie. NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK52, (e-posse): F. Jansen van Rensburg – Reinecke; Reinecke – F. Jansen van Rensburg, 14–22 Oktober 2015.

<sup>54</sup> Die rektor (Reinecke) en die registrateur sou die administrateur van Transvaal ook spreek oor die aansoek om huisvesting van die swart studente in die Gastehuis, en die Bestuurskomitee het dit aan eersgenoemde opgedra om die nodige inligting oor die “anderskleurige dames” oor te dra (NWUA, Bestuurskomitee, Notule, 25 Januarie 1989, 8).

<sup>55</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK12, *Dit Raak Jou!*.

<sup>56</sup> NWUA, SSR (A1), lêer 1.12.1.20.2, 1920–1999, DK51, Reinecke: gesprek en raamwerk van gebeure m.b.t. koshuise, 14 Oktober 2015.

<sup>57</sup> Tjaart van der Walt was rektor en Reinecke was op daardie stadium viserektor: akademies en studente.

<sup>58</sup> Onderhoude is met van die destydse inwoners van die Gastehuis gevoer en *Dit Raak Jou!* is as bron gebruik.

<sup>59</sup> Hy het 'n sekere persepsie van my standpunt, daarom moet in ag geneem word dat hy sou kon meen dat ek die onderhoud tot sy nadeel kan gebruik.

<sup>60</sup> Williams, Rose en Constance het in my onderhoud met hulle na verskeie ontmoetings met Reinecke verwys, selfs dat hy hulle by die Gastehuis besoek het en met baie begrip en nederigheid met hulle gepraat het. Alhoewel hy selfs sy telefoonnommer aan hulle gegee het, het daar niks goeds vir hulle uit sy optrede gekom nie, want “it was only a marketing tool”. Hulle het Reynecke dikwels direk genader omdat die hoof van die Studenteburo onverbidlik en afwysend in sy optrede was (onderhoude met Williams, Rose en Constance, 25 September 2015 en 20 November 2015).

<sup>61</sup> Norval (1966:176; 219; 246; 300) stel dit dat teen die middel van die 1980's die logika van apartheid begin het om te fragmenteer en dat die bevraagtekening van die stelsel se gesag die hegemonie daarvan in gedrang gebring het. Sy meen dat die (verbeelde) greep op die *volkseie* (die organiese lewenstyl) nie meer moontlik was nie. (Die onsekerheid van die Raad kan ongetwyfeld ook daaraan toegeskryf word dat 'n ander mite, naamlik dat apartheid 'n “uitgewerkte groot plan” was, nog by hom bly leef het. Apartheid was geheel en al nie grondliggend liniêr en kumulatief nie; dit was juis vol onsekerhede, botsings, mislukkings en afwykings (Posel 1997:4–5, 12–3).)

<sup>62</sup> In die notule van die Raad is omtrent 15 bladsye waarin 'n kommissie en die Bestuurskomitee verslag gedoen het. Die kommissie het gerapporteer oor 'n verskeidenheid uitgangspunte: historiese (terug tot in 1960), prinsipiële (eenheid en verskeidenheid; gesag en vryheid; gebrokenheid; naasteliefde; geregtigheid; roeping). NWUA, Raad, Notule, 26 April, 1990, ble. 86–101; 100).

<sup>63</sup> Ook opgeneem in “Verkennings in oorgang: gedagtes by die 125-jarige bestaansjaar van die PU vir CHO – 1994”.

<sup>64</sup> Oorspronklik in 1976 gepubliseer onder 'n Afrikaanse titel in *Focus*, 4(4):397–410.